

DIE TWEEDE BOEK VAN DIE MAKKABEËRS

Inleiding

Die ontstaanstyd van die boek word geraam tussen 180 en 124 vC. Daar is geen aanduiding waar die boek ontstaan het nie, hoewel sommige Jerusalem as ontstaansplek noem.

Dit is geskryf deur 'n onbekende skrywer wat as basis die vyf volumes van Jason van Sirene se geskiedenis van die Makkabese opstand gebruik het.

Die lesers was Judeërs wat in Juda en in die Diaspora woonagtig was. Hulle word aangemoedig om die geloof van die voorvaders te behou en om die Hanukkah-fees, naamlik die Fees van die Tempelwyding (1:10,18) te vier.

2 Makkabeërs is 'n propagandistiese historiese werk en handel in breë trekke oor die oorlog tussen Judas Makkabeus en die verskriklike Seleukidiese koning, Antiochus IV (Epifanes). Judas is die Joodse held wie se daad aanleiding gee tot die tempelreiniging. Anders as *1 Makkabeërs* is *2 Makkabeërs* 'n teologiese interpretasie van die oorlog met straf en beloning deur God as onderbou. Hierdie tema word op verskeie sake van toepassing gemaak:

1. Die lewe na die dood is God se beloning vir mense wat getrou aan Hom bly. Die martelare in 2 Mak 6; 7 en 14 gaan 'n nuwe lewe met 'n nuwe liggaam ontvang.

2. Een persoon kan sy lewe vir die sonde van baie mense opoffer (2 Mak

6 en 7) en op dié manier God se beloning, naamlik versoening, bewerkstellig.

Die boek kan soos volg ingedeel word:

1:1 — 2:32 Inleidende opmerkings deur die outeur

3:1 — 7:42 Gebeure wat aanleiding gegee het tot die Makkabese opstand

8:1 — 15:36 Die oorlog van Judas Makkabeus teen die Seleukiede

15:37-39 Afsluiting

1

Eerste brief: Oor tempelwyding

¹ Aan die Joodse broers in Egipte,
van die Joodse broers in Jerusalem en dié in die land Judea:
Gegroet en ware vrede.

² Mag God julle goed behandel
en mag Hy dink aan sy verbond^a
met Abraham, Isak en Jakob,* sy getroue diensknegte.

³ Mag Hy aan julle almal 'n hart gee om Hom te aanbid
en om sy wil te doen met 'n toegewyde hart en 'n gewillige gees.

⁴ Mag Hy julle hart open vir sy Wet^b en opdragte
en mag Hy vrede skenk.

⁵ Mag Hy julle gebede verhoor
en met julle versoen word,

^a1:2 **verbond**: Die verbond met al sy seëninge en vervloekinge, soos onder andere beskryf in Deut 30 — 32, was baie belangrik vir die •Judeërs.

*1:2 *Abraham ... Jakob*: Eks 2:24

^b1:4 **Wet**: Verwys na die •Wet van Moses.

en mag Hy julle nie in kwade tye verlaat nie.

⁶ Ons is nou hier en ons bid vir julle.

⁷ Terwyl Demetrius^c regeer het, in die honderd-nege-en-sestigste jaar,^d het ons, die Judeërs,^e vir julle geskryf op die hoogtepunt van die verdrukking wat ons in hierdie jare te beurt geval het sedert Jason^f en sy mense teen die heilige land en die koninkryk in opstand gekom en ⁸ hulle die poort verbrand en onskuldige bloed vergiet het. Ons het die Here gesmeek en ons is verhoor. Ons het •brandoffers en •graanoffers gebring, die lampe aangesteek en die vertoonbrode^g uitgesit. ⁹ Daarom moet julle nou die dae van die Huttefees^h in die maand Kislefⁱ vier, in die honderd-agt-en-tagtigste jaar.^j

^c**1:7 Demetrius:** Hierdie koning was Antiochus IV Epifanes wat berug was vir sy wreedheid teenoor die •Judeërs en as vervolger van hulle godsdienste.

^d**1:7 169ste jaar:** 143 vC.

^e**1:7 Judeërs:** Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat teruggekeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

^f**1:7 Jason:** Jason was die hoëpriester wat hier bestempel word as 'n verraaier omdat hy die Joodse kultuur wou vergrieks.

^g**1:8 vertoonbrode:** Brode wat op 'n tafel in die heilige deel van die tempel uitgestal is. Slegs ritueel gereinigde priesters is toegelaat om daarvan te eet; vgl Eks 25:23-30; Lev 24:5-8.

^h**1:9 Huttefees:** Ook genoem die "Fees van die insameling", was 'n sewedaagse oesfees wat in die sewende maand op 15-22 •Tisri (of •Etanim,) gevier is. Alhoewel die •bronteks verwys na "die maand •Kislef", herdenk dit hier die herwyding van die tempel deur Judas Makkabeus; vgl 1 Mak 4:59. Dit word vandag nog gevier as die •Hanukka-fees; •Feeste.

ⁱ**1:9 Kislef:** Waarskynlik die maand Desember; •Maande.

^j**1:9 188ste jaar:** Dit was 124 vC.

Tweede brief: Oor die heilige vuur

Aan Aristobulus, uit die geslag van die gesalfde priesters en die leermeester van koning Ptolemeus,

aan die Judeërs^k in Egipte:

¹⁰ van die mense in Jerusalem, dié in Judea, die senaat en Judas:
Gegroet en gesondheid.

¹¹ Omdat ons deur God uit groot gevare gered is toe ons ons teen die koning verset het, dank ons Hom innig, ¹² want Hy het die mense wat in die heilige stad vyandig teenoor ons opgestel was, uitgedryf. ¹³ Toe die veldheer met sy skynbaar onoorwinlike mag in Persië aangekom het, is hulle in die tempel van Nanaia¹ in stukke gekap nadat die priesters van Nanaia hulle mislei het. ¹⁴ Want Antiogus het saam met sy vertrouelinge na die plek gekom onder die voorwendsel dat hy ritueel met die godin wou trou, om sodoende die meeste van die skatte as bruidskat te ontvang. ¹⁵ Maar nadat die priesters van die tempel van Nanaia die skatte uitgestal het, en Antiogus met 'n klein getal volgelingen die ringmuur van die heiligdom binnegegaan het, het hulle, toe Antiogus ingegaan het, die tempel toegesluit. ¹⁶ Vervolgens het hulle die geheime deur van die plafon oopgemaak, die veldheer en sy volgelingen^m met klippe soos 'n weerligstraal neergevel, hulle onthoof en in stukke gekap, en die koppe vir die mense buite die tempel gegooi. ¹⁷ Ons God is in alles lofwaardig, Hy wat die goddeloses uitgelewer het om gestraf te word.

^k1:9 *Judeërs*: Vgl voetnoot in 2 Mak 1:7.

¹1:13 *Nanaia*: Dit is die Siriese godin Nana wat met •Artemis of Afrodite geassosieer is. Albei godinne word verbind met vrugbaarheidskultusse.

^m1:16 *en sy volgelingen*: Ontbreek in die •bronteks, maar word veronderstel.

¹⁸ Omdat ons van voorneme is om op die vyf-en-twintigste dag van Kislefⁿ die reiniging van die tempelsterrein te herdenk, het ons dit as gepas beskou om julle daarvoor in te lig, sodat ook julle die Huttefees^o en die Fees van Vuur^{*} mag vier. Nehemia het destyds die offers gebring nadat hy die tempelsterrein en die brandofferaltaar herbou het.*

¹⁹ Want toe ons vaders na Persië weggevoer is, het godvresende priesters destyds in die geheim van die vuur van die brandofferaltaar geneem en dit weggesteek in die holte van 'n waterlose put, en die plek só beveilig dat dit vir almal onbekend gebly het. ²⁰ Nadat baie jare verloop het, toe God dit goedgevind het, het Nehemia, deur die koning van Persië gestuur, die afstammeling van die priesters wat die vuur weggesteek het, uitgestuur om die vuur te soek. Volgens wat aan ons meegedeel is, het hulle nie vuur gevind nie, maar slegs modderige water.^p Hy het hulle toe beveel om dit uit te skep en te bring. ²¹ Toe die dinge gebring is wat vir die offerande bestem was, het Nehemia die priesters beveel om die hout en dit wat daarop lê, met die water te besprinkel. ²² Na hierdie gebeurtenis het daar 'n tyd verloop. Nadat dit 'n tyd lank bewolk was, het die son weer geskyn, en 'n groot vuur het ontvlam, sodat almal verbaas was. ²³ Die priesters het gebid terwyl die offerande verteer word, die priesters en al die mense, met Jonatan wat begin en die ander wat antwoord, ook

ⁿ1:18 *Kislef*: Vgl voetnoot in 2 Mak 1:9.

^o1:18 *Huttefees*: Vgl voetnoot in 2 Mak 1:9.

^{*}1:18 *Fees van Vuur*: 1 Mak 4:59; Joh 7; 8:12

^{*}1:18 *Nehemia ... herbou het*: Neh 2:18

^p1:20 *modderige water*: Verwys waarskynlik na hoogs vlambare ruolie.

Nehemia. ²⁴ Hierdie gebed^q was soos volg:

“ Here, Here, o God, Skepper van alle dinge,
ontsagwekkend en sterk en regverdig en barmhartig.
U alleen is Koning en goed;
²⁵ U alleen is voorsiener;
U alleen is regverdig en almagtig en ewig,
U wat Israel^r gered het uit alle kwaad,^{*}
wat die vaders uitverkies en hulle geheilig het.

²⁶ “Aanvaar die offer ter wille van u hele volk Israel,
en bewaar en heilig u erfdeel.

²⁷ Bring ons uit verstrooiing bymekaar
en bevry dié wat slawe is onder die heidennasies.
Kyk na die veragtes en dié wat verfoei word,
en laat die heidennasies weet dat U ons God is.

²⁸ Straf diegene swaar wat ons verdruk
en in hoogmoed dade van geweld teen ons pleeg,

²⁹ en plant weer u volk^{*} op u heilige plek,
soos Moses beloof het.”

³⁰ Toe het die priesters lofgesange gesing. ³¹ Nadat die brandoffer
uitgebrand was, het Nehemia beveel dat die oorblywende water op

^q**1:24 gebed:** Joodse gebede verwys gewoonlik na God as skepper, redder, en uitverkieser van die voorvaders. Hierdie gebed gaan verder, die uitbreidings fokus op die uniekheid van God.

^r**1:25 Israel:** Die begrippe Hebreërs, Israeliete en Israel word anachronisties in 1 en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (inwoners van Juda) ná die ballingskap aan te dui.

^{*}**1:25 U wat ... kwaad:** Ps 130:8

^{*}**1:29 plant ... volk:** Eks 15:17

groterige klippe uitgegiet moet word. ³² Toe dit gebeur, het 'n vlam ontbrand, maar dit is uitgedoof deur 'n lig wat vanaf die altaar daarteen geskyn het.

³³ Toe hierdie gebeurtenis bekend geword het, is ook aan die koning van die Perse berig dat die water te voorskyn gekom het by die plek waar die weggevoerde priesters die vuur versteek het, die water waarmee Nehemia en sy mense die offer geheilig het.

³⁴ Nadat hy ondersoek ingestel het na die gebeurtenis, het die koning daardie plek omhein en 'n heiligdom daar gebou. ³⁵ Vir dié wat hy goedgesind was, het die koning 'n groot getal uitsonderlike geskenke geneem en aan hulle uitgedeel. ³⁶ Nehemia en sy mense het dit^s “Neftar”^t genoem, wat ‘reiniging’ beteken, maar dit word nou deur die meeste mense “Neftai”^u genoem.

2

Tweede brief (vervolg): Oor die verbondsark

¹ 'n Mens vind in die verslae dat die profeet Jeremia die ballinge opdrag gegee het om van die vuur te neem, soos reeds vermeld is, ² asook dat die profeet aan die ballinge die Wet^v gegee en hulle beveel het om nie die opdragte van die Here te vergeet nie en om nie in hulle gedagtes verlei te word as hulle die goue en silwerbeelde sien en hulle versierings nie. ³ En met ander soortgelyke woorde het hy hulle vermaan om nie die Wet uit hulle harte te ban nie.

⁴ In die geskrif het ook gestaan dat die profeet op grond van 'n

^s1:36 **dit**: Verwys na die modderige water van 2 Mak 1:20.

^t1:36 **Neftar**: 'n Griekse transliterasie van die Hebreeuse *naftar*, wat waarskynlik met *nafta* in Afrikaans verband hou.

^u1:36 **Neftai**: 'n Griekse transliterasie van die Hebreeuse *nefi*.

^v2:2 **Wet**: Verwys na die •Wet van Moses.

goddelike openbaring beveel het dat die tent en die ark hom moet volg, asook dat hy na die berg vertrek het waar Moses opgegaan en God se erfdeel aan die volk aanskou het. ⁵ Toe Jeremia daar kom, het hy 'n grotwoning gevind en die tent en die ark en die reukofferaltaar daar ingebring en die ingang verseël. ⁶ Maar toe sommige van dié wat hom vergesel het, nadergaan om die pad te merk, kon hulle dit nie vind nie. ⁷ Toe Jeremia dit te wete kom, het hy hulle berispe en gesê: “Die plek moet onbekend bly, totdat God weer sy volksmenigte versamel en aan hulle genade betoon. ⁸ Dan sal die Here hierdie dinge aandui, en die heerlijkheid van die Here en die wolk sal verskyn soos dit sigbaar was in die tyd van Moses en toe Salomo gebid het dat die plek op grootse wyse geheilig word.”

⁹ *Verder is ook in besonderhede vertel hoe die wyse man by die inwyding van die tempelsterrein na die voltooiing daarvan 'n offer gebring het. ¹⁰ Net soos Moses tot die Here gebid het, en vuur uit die hemel neergedaal en die offerande verteer het, só het Salomo ook gebid en die vuur het neergedaal en die •brandoffers verteer.* ¹¹ En Moses het gesê: “Omdat die •reinigingsoffer nie geëet is nie, is dit verteer.”^w ¹² *Op dieselfde wyse het ook Salomo die agt dae gevier.

¹³ En hulle vertel dieselfde dinge ook volledig in die dokumente en in die kronieke van Nehemia, asook dat Nehemia 'n biblioteek tot stand gebring het, en dat hy die boeke oor die konings en van die profete en van Dawid en die briewe van die konings oor wydingsoffers versamel het. ¹⁴ Op dieselfde wyse het ook Judas al die boeke versamel wat verlore

*2:9 1 Kon 8:5,63

*2:10 *vuur uit ... brandoffers verteer*: Lev 9:24; 2 Kron 7:1

^w2:11 **Omdat ... verteer**: Die aanhaling kom nie so in die Ou Testament voor nie, maar hou blykbaar verband met Lev 10:16-20.

*2:12 1 Kon 8:65

gegaan het deur die oorlog wat oor ons gekom het, en hulle is nou by ons. ¹⁵ Indien julle dit nodig het, stuur mense om dit na julle weg te bring.

¹⁶ Omdat ons op die punt staan om die reiniging te vier, skryf ons vir julle. Julle sal goed doen indien julle ook hierdie dae vier. ¹⁷ God het sy hele volk gered en Hy het die erfdeel aan hulle almal teruggegee, die koningskap, die priesterskap en die heiliging, ¹⁸ soos wat Hy deur sy Wet beloof het. Ons vestig ons hoop op God, dat Hy Hom spoedig oor ons sal ontferm en ons uit alle windstreke onder die hemel by sy heilige plek sal versamel.* Want Hy het ons gered uit groot rampe en Hy het die plek gereinig.

Skrywer se voorwoord

¹⁹ Al hierdie sake, naamlik die verhaal van Judas die Makkabeër en sy broers en die reiniging van die grootse tempelsterrein en die inwyding van die altaar, ²⁰ en verder die oorloë teen Antiochus Epifanes en sy seun Eupator, ²¹ asook die verskynings wat uit die hemel gekom het tot hulle wat met toewyding dapper geveg het ter wille van die Judaïsme,^x sodat hulle, hoewel klein in getal, die ganse land geplunder en die barbaarse hordes agtervolg het ²² en die wêreldberoemde tempelsterrein herower en die stad bevry het, en bowendien die wette wat op die punt was om afgeskaf te word, herstel het, omdat die Here in sy allesomvattende goedheid hulle genadig was ²³ — dit alles wat deur Jason van Sirene in vyf boekrolle uiteengesit is, sal ons probeer om in een deel saam te vat. ²⁴ Toe ons 'n oorsig kry van die oorfloed getalle in Jason se vertelling, wat dit moeilik maak vir diegene wat hulle wil verdiep in die verhale

***2:18** *ontferm ... versamel*: Deut 30:3

^x**2:21** *Judaïsme*: In Bybelse tye verwys die term spesifiek na die Joodse godsdiens en lewenswyse.

van die geskiedenis vanweë die magdom materiaal, ²⁵ het ons liever gestreef na vermaak vir dié wat dit wil lees, asook om dit maklik te maak vir dié wat daarop ingestel is om dinge te onthou en om van nut te wees vir almal wat dit toevallig lees. ²⁶ Vir ons wat die moeisame geswoeg van die samevatting onderneem het, was dit geen maklike taak nie, maar 'n werk van sweet en slaaplose nagte. ²⁷ Net soos dit vir iemand wat 'n feesmaal voorberei en die voordeel van ander soek, nie maklik is nie, verduur ons die moeisame geswoeg graag ter wille van die dank van baie mense. ²⁸ Die noukeurige uiteensetting van al die besonderhede het ons oorgelaat aan die oorspronklike skrywer, maar ons het ons daarop toegespits om die hooftrekke in 'n kort samevatting weer te gee, ²⁹ want net soos die boumeester van 'n nuwe huis moet sorg dra vir die hele struktuur, en die een wat deur inbranding die wasskilderye en ander skilderwerk onderneem, die besonderhede vir die versiering moet nagaan, so is dit na my mening die geval met ons. ³⁰ Dit is die taak van die skrywer van die geskiedenis om in besonderhede te tree, en sake van alle kante te bespreek en stuk vir stuk na te gaan, ³¹ maar die man wat die verwerking doen, moet toegelaat word om bondigheid van uitdrukking na te streef en die volledige weergawe van die geskiedwerk te vermy. ³² Laat ons dus van hier af met die verhaal begin en niks meer by die voorwoord voeg nie; dit sou onsinnig wees om die voorwoord van die verhaal langer te maak en die verhaal self in te kort.

3

Verhaal van Heliodorus

¹ Toe die heilige stad in volkome vrede bewoon en die wette streng onderhou is, danksy Onias, die hoëpriester, se toegewydheid en sy afkeer van kwaad, ² het dit so gekom dat selfs konings die plek geëer en die tempel met die duurste geskenke vereer het. ³ Die gevolg was dat ook

Seleukus, die koning van Asië, uit sy eie inkomste alle koste wat die offerdiens meegebring het, voorsien het.

⁴Maar 'n sekere Simon uit die stam van Benjamin, wat as hoofamptenaar van die tempel aangestel was, het 'n uitval gehad met die hoëpriester oor die regulasies van die stadsmark. ⁵Omdat hy nie die oorhand oor Onias kon kry nie, het hy na Apollonius van Tarsus gegaan, wat op daardie tydstip die goewerneur van Koile-Sirië^y en Fenisië was. ⁶Hy het vir hom vertel dat die skatkamer in Jerusalem só vol onmeetlike rykdom was dat die menigte skatte ontelbaar was, en nie tot die rekening van die offerandes behoort het nie, maar dat dit moontlik onder die gesag van die koning kon val. ⁷Toe Apollonius die koning ontmoet, het hy hom ingelig oor die geld waarvan hy vertel is. Die koning^z het toe vir Heliodorus, wat hy reeds vroeër oor sy sake aangestel het, met die opdrag gestuur om die reeds genoemde geld te verwyder. ⁸Heliodorus het onmiddellik op reis gegaan, onder die voorwendsel om die stede in Koile-Sirië en Fenisië te inspekteer, maar in werklikheid om die opdrag van die koning uit te voer.

⁹Nadat hy in Jerusalem aangekom het en gasvry deur die hoëpriester van die stad ontvang is, het hy vertel van die onthulling wat gemaak is en het hy verduidelik hoekom hy daar is. Hy het probeer uitvind of dit in der waarheid die geval was. ¹⁰Die hoëpriester het toe verduidelik dat dit geld is wat vir weduwees en weeskinders gedeponeer was, ¹¹en dat 'n gedeelte aan Hirkanus,^a seun van Tobias, 'n man met 'n baie belangrike

^y**3:5 Koile-Sirië:** Die Seleukidiese provinsie in die vallei tussen die Libanon en Anti-Libanongebirgtes, dws die suidwestelike deel van Sirië.

^z**3:7 Die koning:** Letterlik 'Hy'.

^a**3:11 Hirkanus:** 'n Lid van die Tobias-familie van Transjordanië (vgl Neh 2:10; 6:17-19; 13:4-8). Hy was die seun van Josef, wie se moeder die suster van die hoëpriester Onias II was.

posisie, behoort en dat daar altesaam vierhonderd talent^b silwer en tweehonderd talent goud was. Só het die goddelose Simon gelieg. ¹² Die hoëpriester het gesê dat dit heeltemal onmoontlik is om diegene te benadeel wat hulle vertrou in die heiligheid van die plek asook in die waardigheid en onskendbaarheid van die tempel gestel het, wat wêreldwyd aansien geniet.

¹³ Maar op grond van die koninklike bevel wat hy ontvang het, het Heliodorus gesê dat dit beslis vir die koninklike skatkis gekonfiskeer moes word. ¹⁴ Nadat hy 'n dag daarvoor vasgestel het, het hy die tempel binnegegaan om toesig te hou oor die inspeksie van hierdie fondse, en die ontsteltenis in die hele stad was glad nie gering nie. ¹⁵ Die priesters het hulle in hulle priesterdrag voor die brandofferaltaar neergewerp en die Hemel^c aangeroop, Hom wat die wette neergelê het om die gedeponeerde geld veilig te bewaar vir die beleggers. ¹⁶ Dit was hartverskeurend om die voorkoms van die hoëpriester te sien, want sy gesig en die verandering in sy gelaatskleur het die benoudheid van sy siel verrai; ¹⁷ want die man was oorweldig deur vrees en sy hele liggaam het gebewe, waardeur die pyn in sy hart vir almal wat hom gesien het, baie duidelik was. ¹⁸ Massas mense het uit hulle huise gehardloop vir gesamentlike smeekgebed, omdat die plek spoedig met veragting behandel sou word. ¹⁹ In die strate was daar 'n gewemel van vroue met sakmateriaal^d onder die bors vasgemaak. Sommige jongmeisies, wat normaalweg binne gehou is, het saam gehardloop na die poorte en ander

^b**3:11 400 talent:** Ongeveer 13 680 kg; •Geldeenhede.

^c**3:15 Hemel:** Die skrywer het direkte verwysings na God of sy Naam probeer vermy. “Hemel” is in hierdie vers 'n verwysing na God en daarom word dit met 'n hoofletter geskryf.

^d**3:19 sakmateriaal:** 'n Growwe, krapperige materiaal geweef van bok- of kameelhaar. Dit is teen die vel gedra as teken van smart of berou.

na die mure, terwyl nog ander by die vensters uitgeleun het.²⁰ Almal het toe hulle hande na die hemel uitgestrek en 'n smeekgebed aangehef.²¹ Wat hartroerend was om te sien, was hoe die menigte deurmekaar neergeval het, asook die angstige afwagting van die hoogs ontstelde hoëpriester.²² Toe het hulle die almagtige Here aangeroop om wat aan sy sorg toevertrou is, veilig, vas en seker te bewaar vir dié wat dit aan Hom toevertrou het.²³ Maar Heliodorus het voortgegaan om wat besluit is, uit te voer.²⁴ Terwyl hy en sy lyfwagte by die skatkamer was, het die Heer van die geeste* en van alle mag op daardie oomblik so 'n kragtige verskyning gemaak dat almal wat dit gewaag het om saam te gaan, verslae was oor die mag van God en flou van vrees geword het;²⁵ want daar het 'n perd aan hulle verskyn wat met 'n pragtige tuig versier was, met 'n vreesaanjaende ruiter, en die perd het woes op Heliodorus afgestorm en hom met sy voorste hoewe aangeval. Die ruiter het verskyn met 'n goue wapenrusting aan.²⁶ Twee ander jong manne, buitengewoon sterk, stralend mooi en pragtig geklee, het ook aan Heliodorus verskyn. Hulle het weerskante van hom gestaan en hom onophoudelik geslaan; hulle het baie hou op hom laat reën.²⁷ Toe het hy skielik op die grond neergeval en in groot duisternis weggesink. Sy manne het hom opgetel en op 'n draagbaar geplaas.²⁸ Hy, wat so pas met 'n groot gevolg en sy hele lyfwag die reeds genoemde skatkamer binnegekom het, is deur hulle gedra — nie in staat om homself te help nie; en hulle het die geweldige krag van God duidelik herken.²⁹ Maar hy is as gevolg van 'n goddelike handeling neergewerp — stom en beroof van alle hoop en redding.³⁰ Hulle, egter, het die Here geprys wat sy eie plek geëer het; en die tempel, wat kort tevore met vrees en oproer gevul was, is nou deur die verskyning van die Almagtige Here gevul met vreugde en blydskap.³¹ Maar gou het sommige van Heliodorus se vriende Onias gesmeek om

*3:24 Heer ... geeste: Num 16:22; 27:16

die Allerhoogste aan te roep om die lewe terug te gee aan hom wat op die punt was om sy laaste asem uit te blaas. ³² Omdat die hoëpriester vermoed het dat die koning die idee kon kry dat vuilspel van een of ander aard deur die Judeërs^e teen Heliodorus gepleeg is, het hy 'n offer vir die man se herstel gebring. ³³ Terwyl die hoëpriester die versoeningsoffer gebring het, het dieselfde jong manne, geklee in dieselfde klere, weer aan Heliodorus verskyn en hulle het gaan staan en gesê: “U moet baie dankbaar wees teenoor Onias, die hoëpriester, want deur hom het die Here aan u die lewe teruggegee. ³⁴ En u wat vanuit die hemel geslaan is, moet aan almal die magtige krag van God bekend maak.” Nadat hulle dit gesê het, het hulle verdwyn.

³⁵ Heliodorus het toe 'n offer aan die Here gebring en baie groot beloftes gemaak teenoor die Een wat sy lewe gespaar het. Nadat hy vir Onias geprys het, het hy met sy leëmag na die koning teruggekeer ³⁶ en teenoor almal getuig van die daede van die allergrootste God wat hy met sy eie oë aanskou het. ³⁷ Toe die koning vir Heliodorus vra watter soort man geskik sou wees om nog 'n keer na Jerusalem te stuur, het hy gesê: ³⁸ “As u 'n vyand of 'n samesweerder teen die regering het, stuur hom daarheen, en u sal hom gegesel terugkry, as hy dit hoegenaamd sal oorleef; want rondom dié plek is waarlik die een of ander krag van God. ³⁹ Want Hy wat sy woonplek in die hemel het, bewaak en help daardie plek, en diegene wat dit nader om dit skade aan te doen, slaan en vernietig Hy.” ⁴⁰ So het die verhaal van Heliodorus en die bewaking van die skatkamer dan verloop.

^e**3:32 Judeërs:** Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat teruggekeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

4

Omverwerping van Onias

¹ Maar genoemde Simon, wat die informant was oor die tempelskatte en sy vaderland, het sleg gepraat van Onias, en gesê dat dit hy was wat Heliodorus opgesteek het en die aanstigter van die slegte gebeure was, ² en hy het dit gewaag om die weldoener van die stad, beskermer van volksgenote en yweraar vir die wette, 'n samesweerder teen die regering te noem. ³ Simon se vyandigheid het só toegeneem dat een van sy goedgekeurde agente moord gepleeg het. ⁴ Toe Onias die gevaar van die twis insien, asook dat Apollonius, die seun van Menestheus, goewerneur van Koile-Sirië^f en Fenisië, die boosheid van Simon laat toeneem het, ⁵ het hy na die koning gegaan, nie as aanklaer van sy medeburgers nie, maar met sowel die algemene as persoonlike welsyn van die hele volk in gedagte. ⁶ Want hy het ingesien dat dit sonder koninklike aandag onmoontlik was dat daar weer vrede in openbare sake kon kom en Simon sy dwaasheid sou staak.

Hoëpriesterskap van Jason

(1 Mak 1:10-19)

⁷ Toe Seleukus die lewe met die dood verwissel het, en Antiogus, wat Epifanes genoem is, die koningskap geërf het, het Jason, die broer van Onias, deur korrupsie die hoëpriesterskap verkry. ⁸ Hy het in 'n versoekskrif aan die koning driehonderd-en-sestig talent^g silwer belowe, asook tagtig talent uit 'n ander bron van inkomste. ⁹ Hierby het hy ook beloop om nog honderd-en-vyftig talent^h te betaal, mits hy toegelaat sou

^f**4:4 Koile-Sirië:** Die Seleukidiese provinsie in die vallei tussen die Libanon en Anti-Libanongebirgtes, dws die suidwestelike deel van Sirië.

^g**4:8 360 talent:** Ongeveer 12 312 kg; •Geldeenrede.

^h**4:9 150 talent:** Ongeveer 5 130 kg.

word om op sy gesag 'n gimnasiumⁱ en 'n opleidingsentrum vir jongmense tot stand te bring en om die inwoners van Jerusalem as burgers van Antiogië in te skryf. ¹⁰ Nadat die koning toegestem het en Jason die amp gekry het, het hy onmiddellik sy volksgenote die Griekse leefwyse laat aanvaar. ¹¹ *Hy het ook die koninklike voorregte tersyde gestel wat vir die Judeërs^j gegeld het, en wat beding is deur Johannes, die vader van Eupolemus, wat as ambassadeur opgetree het om vriendskap en 'n alliansie met die Romeine te bewerkstellig. Hy het verder die lewenswyse wat in ooreenstemming met die wet was, vernietig en gebruike wat strydig met die wet was, ingevoer. ¹² Want hy het genot daaruit geput om onder die tempelberg^k self 'n gimnasium te bou en die beste jong manne oorgehaal om 'n Griekse hoed te dra. ¹³ Daar was ook 'n buitensporige vergrieksing en toename in vreemde gewoontes as gevolg van die uiterste boosheid van die goddelose, vals hoëpriester, Jason. ¹⁴ Die gevolg was dat die priesters nie meer ywerig die altaardiens verrig het nie, maar die tempel geminag het, die offers verwaarloos het, en ná die teken vir die diskusgooi^l hulle gehaas het om aan die skouspel

ⁱ**4:9 gimnasium:** 'n Plek van onderrig en fisiese oefening. •Antiochus Epifanes het gepoog om veral Jerusalem in 'n Griekse stad te omvorm. Met die hulp van die hoëpriester, Jason, het hy gimnasiums laat instel.

* **4:11** 1 Mak 8:17-32

^j**4:11 Judeërs:** Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat teruggekeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

^k**4:12 tempelberg:** Letterlik 'akropolis'.

^l**4:14 diskusgooi:** By die Olimpiese spele in Griekeland het deelnemers onder andere diskus gewerp en aan stoeigevegte deelgeneem. Volgens 2 Mak 4:14 het vergriekste •Judeërs (priesters) aan hierdie tipiese Griekse praktyke deelgeneem ipv om by die altare “versoeningsdiens” te doen.

in die stoei-arena^m deel te neem, wat strydig met die wet was. ¹⁵ En hulle het geminag wat deur hulle vaders geëer is, en die grootste waarde aan die Griekse eerbewyse geheg. ¹⁶ As gevolg hiervan het 'n groot ramp hulle getref, want juis diegene wie se gewoontes hulle nagestreef het en in elke opsig wou naboots, het hulle vyande geword en hulle gestraf. ¹⁷ Want dit is nie 'n geringe saak om teen die wette van God te sondig nie — maar dit sal die gebeure hierna aantoon. ¹⁸ Toe die vyfjaarlikse spele in Tirus gehou is en die koning teenwoordig was, ¹⁹ het die bose Jason afgesante van Jerusalem, burgers van Antiogië,^{*} gestuur om driehonderd dragmeⁿ silwer vir die offer aan Herkules te neem. Dié wat dit geneem het, het besluit om dit nie vir die offer te gebruik nie, omdat dit nie betaamlik was nie, maar dit vir 'n ander uitgawe aan te wend. ²⁰ Hierdie geld was bedoel vir die offer aan Herkules deur die een wat dit gestuur het, maar as gevolg van dié wat dit geneem het, is dit aan die bou van driespaanbote bestee. ²¹ Toe Apollonius, seun van Menestheus, na Egipte gestuur is vir die kroningsfees van Filometer as koning, het Antiogus verneem dat Filometer vyandiggesind was teenoor sy regering, en hy het maatreëls getref vir sy eie veiligheid. Daarom het hy, nadat hy by Joppe aangekom het, na Jerusalem gegaan. ²² Hy is op luisterryke wyse deur Jason en die stad ontvang en met fakkels en krete verwelkom. Op dieselfde wyse het hy toe met sy leërmag na Fenisië vertrek.

Menelaus as hoëpriester

²³ Ná drie jaar het Jason vir Menelaus, 'n broer van die reeds genoemde Simon, gestuur om geld vir die koning te neem en om hom te herinner

^m4:14 **stoei-arena:** Letterlik *palaistra*, 'n tegniese term gebruik vir 'n deel van 'n sportkompleks in die Hellenistiese wêreld.

^{*} 4:19 *burgers van Antiogië:* 2 Mak 4:9

ⁿ4:19 **dragme:** 'n Griekse silwermuntstuk, gelyk aan 'n Romeinse •denarius, wat ongeveer die dagloon van 'n arbeider werd was; •Geldeenhede.

aan sake wat aandag moet kry. ²⁴ Maar toe hy aan die koning voorgestel is, het hy hom geprys en homself voorgedoen as 'n man met gesag, en die hoëpriesterskap vir homself verkry deur driehonderd talent^o silwer meer aan te bied as Jason. ²⁵ En nadat hy die koninklike opdragte gekry het, het hy teruggekeer, hoewel hy niks besit het wat die hoëpriesterskap waardig was nie — want hy het die humeur van 'n wrede tiran gehad en woede-uitbarstings gekry soos 'n wilde dier. ²⁶ Aan die een kant is Jason, wat sy eie broer ondermyn het, deur 'n ander ondermyn en gedwing om na die land van die Ammoniete te vlug. ²⁷ Aan die ander kant het Menelaus wel voortgegaan om die amp te beklee, maar niks van die geld betaal wat volgens ooreenkoms aan die koning beloof is nie. ²⁸ Toe Sostratus, die bevelvoerder van die bergvesting,^p dit herhaaldelik vra — want hy was verantwoordelik vir die insameling van die inkomste — is die twee hieroor deur die koning ontbied. ²⁹ Toe het Menelaus sy eie broer, Lisimagus, as sy opvolger in die hoëpriesterskap agtergelaat, en Sostratus het sy verantwoordelikhede oorgedra aan Krates, die bevelvoerder van die Cipriese troepe.

³⁰ Toe sake so gestaan het, het dit gebeur dat die inwoners van Tarsus en Mallus in opstand gekom het, omdat stede aan Antiogis, die koning se byvrou, as geskenk gegee is. ³¹ Gevolglik het die koning vinnig gekom om sake tot bedaring te bring en vir Andronikus, 'n man met 'n hoë rang, as opvolger agtergelaat. ³² Aangesien Menelaus gedink het dat dit 'n geskikte geleentheid is om aan te gryp, het hy sommige van die goue voorwerpe van die tempel gesteel en aan Andronikus geskenk, terwyl hy daarin geslaag het om ander voorwerpe in Tirus en die omliggende stede te verkoop. ³³ Nadat Onias deeglik van hierdie feite bewus geword het, het hy vir sy eie veiligheid gevlug na 'n heiligdom by Dafne, geleë naby

^o4:24 **300 talent:** Ongeveer 10 260 kg.

^p4:28 **bergvesting:** Letterlik 'akropolis'.

Antiogië, en Menelaus bestraf. ³⁴ Daarom het Menelaus Andronikus eenkant geneem en hom aangemoedig om Onias dood te maak. Andronikus het toe na Onias gegaan en hom met lis geflous en hom met die regterhand en beloftes van veiligheid gegroet.^q Alhoewel Onias agterdogtig was, het Andronikus hom oorreed om uit die skuilplek te kom en hom toe dadelik doodgemaak, sonder respek vir wat reg is. ³⁵ Oor hierdie onregverdige moord op die man was daarom nie net die Judeërs^r nie, maar ook baie van die ander nasies verontwaardig en kwaad. ³⁶ Toe die koning uit die landstreek van Silisië teruggekeer het, het die Judeërs van die stad by hom gekla. Ook die Grieke het hulle wrewel oor die wederregtelike dood van Onias gedeel. ³⁷ Antiochus was daarom diep bedroef en met jammerte vervul. Hy het gehuil oor die gestorwene se verstandigheid en voortreflike gedrag. ³⁸ Toe het sy woede opgevlam en hy het onmiddellik Andronikus se pers kleed afgevat, sy klere afgeskeur en hom deur die hele stad gelei na die presiese plek waar Andronikus goddeloos teen Onias opgetree het. Daar het hy die bloeddorstige moordenaar doodgemaak en het die Here Andronikus vergeld met die straf wat hy verdien het. ³⁹ Met die medewete van Menelaus het Lisimagus baie dade van heiligskennis in Jerusalem gepleeg. Toe die nuus na die omstreke versprei het, het die menigte teen Lisimagus versamel omdat baie van die goue voorwerpe reeds weggedra was. ⁴⁰ Maar toe die skare in opstand gekom het en met woede vervul is, het Lisimagus ongeveer drieduisend man bewapen en onregverdige mag begin uitoefen. Hulle is aangevoer deur 'n sekere Auranus, gevorderd in jare, maar net so dom as wat hy oud was. ⁴¹ En toe die inwoners

^q4:34 *regterhand ... gegroet*: Letterlik ‘die regterhand gee’. Die uitdrukking is 'n simboliese gebaar vir “in vrede kom”. In antieke tye het mense mekaar die hand gegee om aan te toon dat hulle geen wapens dra nie.

^r4:35 *Judeërs*: Vgl voetnoot in 2 Mak 4:11.

agterkom dat Lisimagus besig was om hulle aan te val, het sommige klippe gegryp. Ander het dik stukke hout gegryp, en sommige het van die as wat daar gelê het, gegryp en dit in die verwarring na diegene saam met Lisimagus gegooi. ⁴² Die gevolg was dat hulle baie van hulle gewond, sommige selfs neergevel het, en almal op die vlug gejaag het. Hulle het die tempelrower self by die skatkamer onderwerp. ⁴³ Hieroor was daar 'n hofsaak teen Menelaus. ⁴⁴ En toe die koning by Tirus aankom, het die drie manne wat deur die Raad van Oudstes gestuur is, die saak voor hom bepleit. ⁴⁵ Maar omdat Menelaus reeds sy saak aan die verloor was, het hy aan Ptolomeus, die seun van Dorimenes, 'n aansienlike som geld beloof om die koning oor te haal. ⁴⁶ Daarom het Ptolemeus die koning eenkant na 'n suilegang geneem, asof hy sy geheue wou verfris, en hom oorgehaal om van plan te verander. ⁴⁷ Vir Menelaus, wat die oorsaak van al die kwaad was, het die koning vrygespreek op die aanklagte. Die ongelukkiges wat onskuldig bevind sou word, selfs al het hulle voor die Skittiërs^s hulle saak bepleit, het hy ter dood veroordeel. ⁴⁸ Hulle wat ter verdediging van die stad, sy mense en die heilige voorwerpe gepraat het, het baie gou die onregverdige straf ondergaan. ⁴⁹ Daarom het selfs die mense van Tirus wat dié misdaad gehaat het, op luisterryke wyse voorsien wat vir hulle begrafnis nodig was. ⁵⁰ Maar Menelaus en sy maghebbers het aan bewind gebly as gevolg van die geldgierigheid van die burgers. Hy het toegeneem in die kwaad en die hoofsamesweerder teen die burgers geword.

5

Jason se inval in Jerusalem

¹ Ongeveer in hierdie tyd het Antiochus die tweede veldtog teen Egipte van stapel gestuur. ² En dit het deur die hele stad gebeur dat daar vir

^s4:47 **Skittiërs:** 'n Volk wat destyds die toonbeeld van onbeskaafdheid was.

byna veertig dae verskynings van perderuiters was wat met goue klere aan deur die lug gejaag het, in kohorte soldate,^t en met lanse en ontblote swaarde bewapen. ³ Daar was ook groepe perderuiters wat opgestel is, en aanvalle en teenaanvalle wat deur elke groep geloods is met 'n geswaai van skilde en 'n menigte steekspiese en die gooi van werpspiese,^u te midde van die flikkering van goue versiersels en harnasse van allerhande soorte. ⁴ Daarom het almal gebid dat die verskyning ten goede sou wees. ⁵ Toe 'n valse gerug die rondte doen dat Antiogus die lewe met die dood verwissel het, het Jason nie minder nie as duisend man geneem en skielik 'n aanval op die stad geloods. Diegene op die mure is teruggedryf en toe die stad uiteindelik ingeneem is, het Menelaus weggevlug na die bergvesting.^v ⁶ Maar Jason het sy eie medeburgers bly afmaai sonder om iemand te spaar, omdat hy nie besef het dat sukses teen jou landgenote die grootste mislukking is nie, en hy gedink het dat hy tekens van triomf oor die vyand oprig eerder as oor medeburgers. ⁷ Hy het egter nie die gesag in die hande gekry nie. Op die ou end het hy in die skande gekom oor die sameswering en weer weggevlug na die land van die Ammoniete. ⁸ Hy het uiteindelik 'n ellendige einde gehad. Hy is voor Aretas, die regeerder van die Arabiere, aangekla, het van stad tot stad gevlug, is deur almal agtervolg, is gehaat as 'n rebel teen die wette en verfoei as laksman van sy vaderland en medeburgers, en is na Egipte verjaag. ⁹ En hy, wat baie mense uit hulle vaderland verban het, het in 'n vreemde land gesterf, nadat hy aan boord gegaan het om na die Spartane^w te gaan om beskerming te soek op grond van hulle verwantskap. ¹⁰ Oor hom, wat

^t**5:2 kohorte soldate:** Afdelings soldate, wat uit 200 tot 1 000, maar gewoonlik 600 man, bestaan het; •Militêre terme.

^u**5:3 gooi van werpspiese:** Dit kan ook dui op enige voorwerp wat gegooi word.

^v**5:5 bergvesting:** Letterlik 'akropolis'.

^w**5:9 Spartane:** Letterlik 'Lakedaimoniërs'; vgl 1 Mak 12:7,20.

'n menigte lyke uitgegooi het om onbegrawe te lê, is nie gerou nie. Hy het ook hoegenaamd nie 'n begrafnis, of 'n plek in die graf van sy voorvaders gehad nie.

Antioqus IV Epifanes se plundering van die tempel

(1 Mak 1:21-29)

¹¹ Toe die koning hoor wat gebeur het, het hy gedink dat Juda in opstand gekom het. Daarom het hy, vol woede, soos 'n wilde dier, Egipte verlaat en die stad met wapengeweld verower. ¹² En hy het sy soldate beveel om dié wat hulle teenkom, af te maai sonder om iemand te spaar en om dié wat na hulle huise teruggaan, uit te moor. ¹³ Daar was toe 'n slagting van jonk en oud, 'n uitwissing van jonges en vroue en kinders, en 'n uitmoor van jongmeisies en babas. ¹⁴ Tagtigduisend mense is ná drie volle dae afgemaai — veertigduisend in handgevegte — en ten minste soveel as wat vermoor is, is verkoop. ¹⁵ *En nie hiermee tevrede nie, het hy dit gewaag om in die heiligste tempel op die hele aarde in te gaan met Menelaus as gids, wat 'n verraaier was van sowel die wette as die vaderland. ¹⁶ Met sy besmette hande het hy die heilige voorwerpe geneem en die bybehore wat deur ander konings tot verhoging van die glorie en eer van die plek geskenk is, met sy besoedelde hande weggesleep. ¹⁷ Toe het Antioqus in sy geesdrif nie besef dat die Here^x net vir 'n klein tydjie kwaad was weens die sondes van die inwoners van die stad nie, en daarom die plek oor die hoof gesien het. ¹⁸ Want as dit nie gebeur het dat die stad by so baie sondes betrokke was nie, sou hierdie man onmiddellik nadat hy ingegaan het, ge gesel en van sy vermetelheid genees gewees het, soos Heliodorus, wat deur koning Seleukus gestuur is om die skatkamer te inspekteer. ¹⁹ Die Here het egter nie die volk gekies

*5:15-20 1 Mak 1:20-40

^x5:17 **Here:** In Grieks *despotes*. 'n Ander naam vir die Here word hier gebruik.

ter wille van die plek nie, maar die plek ter wille van die volk.²⁰ Daarom het ook die plek self gedeel in die rampe wat oor die stamme gekom het, en later aan hulle voorspoed deel gehad. Die plek wat tydens die woede van die Almagtige verlaat is, is weer in al sy glorie herstel deur die versoening van die grote Here.^y ²¹ Nadat Antiogus agttienhonderd talent^z uit die tempel weggedra het, het hy vinnig na Antiogië vertrek. Hy het in sy arrogansie en die hoogmoed van sy hart gedink dat hy op die land kan vaar en op die see kan loop.²² Hy het goewerneys agtergelaat om die volk te verdruk: in Jerusalem vir Filippus, 'n Frigiër van geboorte en met 'n meer barbaarse geaardheid as die een wat hom aangestel het;²³ in Geresim^a vir Andronikus, en behalwe hulle vir Menelaus, wat hom baie meer as die ander oor die burgers verhef het en 'n vyandige gesindheid teenoor die Joodse burgers gekoester het.²⁴ Toe het Antiogus vir Apollonius, die bevelvoerder van die Musiese troepe, met 'n leër van twee-en-twintigduisend gestuur met die opdrag om al die volwasse mans om die lewe te bring en om die vroue en jong seuns te verkoop.²⁵ En nadat hy in Jerusalem aangekom en hom vredeliewend voorgedoen het, het hy tot die heilige Sabbatdag gewag, en toe hy die Judeërs^b aantref terwyl hulle nie werk nie, het hy diegene saam met hom beveel om in volle wapenrusting te paradeer.²⁶ Almal wat uitgekóm het na die skouspel, het hy laat doodsteek en saam met die gewapendes in die stad ingehardloop en 'n groot menigte mense uitgemoor.²⁷ Maar Judas Makkabeus en ongeveer nege ander het na die wildernis ontsnap. Daar

^y5:20 **Here:** Vgl voetnoot in 2 Mak 5:17.

^z5:21 **1 800 talent:** Ongeveer 61 560 kg; •Geldeenhede.

^a5:23 **Geresim:** Ander manuskripte lui “Argarisin”.

^b5:25 **Judeërs:** Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat teruggekeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

het hy en sy manne soos wilde diere in die berge geleef, en hulle het plantaardige voedsel bly eet om nie •onrein te word nie.

6

Heidense kultus in Jerusalem

(1 Mak 1:41-64)

¹ Nie lank daarna nie het die koning 'n ou Atheense man^c gestuur om die Judeërs^d te dwing om af te sien van die wette van hulle voorvaders en om nie meer volgens die wette van God te leef nie, ² en ook om die tempel in Jerusalem te ontheilig en dit die tempel van Zeus Olympus te noem. Die tempel in Geresim^e moes hulle Zeus Xenius noem, net soos die mense wat die plek bewoon het, versoek het. ³ En hierdie bose aanslag was vir almal moeilik en heeltemal ondraaglik. ⁴ Want die tempel is gevul met losbandigheid en orgies deur die heidennasies, wat plesier gevind het in prostitute en binne die heilige ringmure met vroue gemeenskap gehad het, en boonop onvanpaste goed ingedra het. ⁵ Die altaar is met walglike dinge volgepak wat deur die wette verbied is. ⁶ Daarom was dit nie moontlik om die Sabbat te onderhou, die voorvaderlike feeste te vier, of selfs te erken dat mens 'n Judeër is nie. ⁷ Onder bittere dwang is hulle elke maand op die verjaardag van die koning verplig om deel te neem aan die heidense offerandes van die binnegoed van diere. Wanneer 'n fees van Dionisius aangebreek het, is hulle verplig om met kranse van klimopplante aan die prosesie van Dionisius deel te neem. ⁸ Op 'n voorstel van Ptolemeus het 'n dekreet

^c6:1 *ou ... man*: Ander vertalings lui “die Athener Geron”.

^d6:1 *Judeërs*: Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat teruggekeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

^e6:2 *Geresim*: Ander manuskripte lui “Argarisin”.

uitgegaan na die naburige Griekse stede om dieselfde beleid teenoor die Judeërs te aanvaar, naamlik om die binnegoed van diere wat geoffer is, te eet, ⁹ en om dié wat kies om nie die Griekse leefwyse te aanvaar nie, uit te moor. Die ellende wat geheers het, was oral waarneembaar.

¹⁰ *Want twee vroue is gearresteer omdat hulle hulle kinders laat besny het; hulle het die babas aan hulle borste gehang, hulle in die openbaar in die stad rondgelei en toe by die stadsmuur afgegooi. ¹¹ Ander manne weer, wat in nabygeleë grotte bymekaargekom het om die sewende dag in die geheim te vier, is aan Filippus uitgelewer. Uit eerbied vir die allerheiligste dag het hulle hulle nie verdedig nie, en is hulle saam verbrand.

Lyding van die inwoners van Juda

¹² Nou versoek ek die lesers van hierdie boek dringend om nie ontmoedig te word deur die rampe nie, maar om te besef dat straf nie daar is om te vernietig nie, maar om ons mense te onderrig. ¹³ Want dit is inderdaad 'n teken van groot welwillendheid om nie goddeloses vir te lank toe te laat om hulle gang te gaan nie, maar om dié wat straf verdien, onmiddellik te straf. ¹⁴ Want dit is met ons nie soos in die geval van die ander volke nie, waar die Here^f geduldig wag totdat hulle die volle maat van hul sondes bereik het voordat Hy hulle straf. In ons geval het Hy egter nie so besluit nie, ¹⁵ sodat Hy Hom nie later op ons sou wreek wanneer ons sondes 'n hoogtepunt bereik het nie. ¹⁶ Daarom onttrek Hy nooit sy barmhartigheid aan ons nie, en alhoewel Hy ons deur terugslae dissiplineer, laat Hy nooit sy eie volk in die steek nie. ¹⁷ Laat hierdie dinge vir ons gesê word om ons daaraan te herinner, maar ons gaan kortliks voort met die verhaal.

*6:10 1 Mak 1:60-61; 2:32-38

^f6:14 **Here:** In Grieks *despotes*. 'n Ander naam vir die Here word hier gebruik.

Verhaal van Eleasar

(Lev 11:7-8)

¹⁸ 'n Sekere Eleasar, een van die mees vooraanstaande skrifkenners, reeds van gevorderde leeftyd, en uiters aantreklik, is gedwing om sy mond oop te maak en varkvleis te eet.* ¹⁹ Maar hy het 'n eervolle dood bo 'n •onrein lewe verkies,* en nadat hy die vleis uitgespoeg het, uit sy eie na die folterbank^g geloop, ²⁰ soos gepas is vir mense wat volhardend weier om ongeoorloofde voedsel te eet — dit ten spyte van hulle natuurlike drang om te bly leef. ²¹ En die mense wat in beheer was van die offers van binnegoed, iets wat teen die Wet^h was, het die man, omdat hulle hom lank reeds geken het, eenkant geneem en hom gesmeek om self vleis te bring wat hy mag eet. Dit moes deur hom voorberei wees, en hy moes voorgee dat hy die vleis van die brandoffers eet wat deur die koning beveel is, ²² sodat hy sodoende die dood sou vryspring en weens sy lang vriendskap met hulle menswaardig behandel sou word. ²³ Maar hy het 'n edel besluit geneem wat pas by sy jare, die waardigheid van sy hoë ouderdom, die sigbare grys hare wat hy verwerf het, en sy onberispelike lewe van sy kinderjare af wat in ooreenstemming met die heilige en Godgegewe wet is. Hy het dadelik gesê dat hulle hom maar na Hadesⁱ moes stuur. ²⁴ Want hy het gesê: “Dit pas nie by ons ouderdom om te veins nie, sodat baie van die jong manne dalk kan dink dat Eleasar op die ouderdom van negentig jaar vreemde gebruike aangeneem het ²⁵ en dat hulle, deur my skynheiligheid, en ter wille van 'n kort en vervlietende lewe, verlei sou word en ek op my hoë ouderdom

* **6:18** *varkvleis ... eet:* Lev 11:7-8

* **6:19** *Maar te verkies:* Heb 11:35

^g**6:19** *folterbank:* Letterlik ‘tamboeryn’.

^h**6:21** *Wet:* Verwys na die •Wet van Moses.

ⁱ**6:23** *Hades:* Dit is voorgestel as 'n plek onder die aarde waarheen mense wat sterf, afdaal; •Doderyk.

besoedel en bevlek word. ²⁶ Want selfs as ek vir die hede die straf van mense vryspring, sal ek nie lewend of dood die hande van die Almagtige ontvlug nie. ²⁷ Daarom, deur my lewe nou dapper prys te gee, sal dit duidelik wees dat ek my ouderdom waardig is. ²⁸ Dan sal ek 'n edele voorbeeld vir die jonges nagelaat het deur gewillig en eervol 'n goeie dood te sterf vir die waardige en heilige wette.” Nadat hy hierdie dinge gesê het, het hy dadelik na die folterbank gegaan. ²⁹ Maar die mense wat kort tevore nog goedgesind teenoor hom opgetree het, het vyandig geword omdat sy voorafgaande woorde na hulle mening waansin was. ³⁰ Toe hy op die punt was om te sterf van die hou, het hy gekreun en gesê: “Aan die Here is dit in sy heilige wysheid bekend dat, alhoewel ek die dood kon ontsnap het, ek liggaamlik die vreeslikste pyn verduur terwyl ek geslaan word, maar dat ek dit in my siel graag verduur uit ontsag vir Hom.” ³¹ So het hy dan gesterf, en deur sy dood, nie alleen vir die jonges nie, maar vir die meeste van sy volk 'n voorbeeld van edelheid en deug nagelaat.

7

Sewe broers en hulle moeder se marteldood

¹ Dit het ook gebeur dat sewe broers saam met hulle moeder gevange geneem en deur die koning gedwing is om van die verbode varkvleis te eet, * en ook met swepe en rieme gemartel is. ² Een van hulle, wat die woordvoerder was, het só gesê: “Wat wil jy vir ons vra en van ons te wete kom? Want ons is gereed om te sterf eerder as om die wette van ons vaders te oortree.” ³ Maar die koning het woedend geword en opdrag gegee om die braaipanne en ketels warm te maak. ⁴ En hulle is onmiddellik warm gemaak en hy het toe opdrag gegee dat hulle die tong van die mense se woordvoerder uitsny en sy kopvel aftrek, en sy hande

*7:1 *varkvleis te eet*: Lev 11:7-8

en voete afsny, terwyl die res van die broers en die moeder dit aanskou. ⁵ Toe hy totaal hulpeloos was, het die koning beveel dat hulle hom na die vuur neem en hom in 'n pan braai terwyl hy nog asemhaal. Terwyl die rook van die pan wyd versprei het, het hulle mekaar aangemoedig om dapper saam met die moeder te sterf en gesê: ⁶ “Die Here God kyk toe en het werklik medelye met ons, soos Moses duidelik gemaak het deur sy lied* wat openlike getuienis teenoor die mense lewer, toe hy gesê het, ‘En Hy sal medelye hê met sy diensknegte.’ ” ⁷ Nadat die eerste broer op hierdie wyse gesterf het, het hulle die tweede een gebring om hom te bespot. Nadat hulle sy kopvel met die hare afgetrek het, het hulle hom gevra: “Sal jy eet, voordat jou liggaam ledemaat vir ledemaat gepynig word?” ⁸ Hy het in die taal van sy voorvaders geantwoord en gesê: “Nee!” Daarom het hy op sy beurt dieselfde marteling as die eerste een ondergaan. ⁹ Met sy laaste asem het hy gesê: “Jy, jou vervloekte, jy ontnem ons wel hierdie lewe, maar die Koning van die wêreld sal ons wat ter wille van sy wette gesterf het, laat opstaan tot 'n ewige opstanding van die lewe.” ¹⁰ Ná hom is die derde een bespot. Toe hy gevra is, het hy vinnig sy tong uitgesteek en moedig sy hande na vore gehou. ¹¹ En hy het dapper gesê: “Uit die hemel het ek hulle gekry, maar ter wille van sy wette verag ek hulle, en van Hom verwag ek om hulle weer terug te kry.” ¹² Gevolglik was die koning en diegene saam met hom verbaas oor die seun se innerlike krag, aangesien hy sy pyn as niks beskou het nie. ¹³ Nadat hy ook gesterf het, het hulle die vierde broer op soortgelyke wyse gefolter en mishandel. ¹⁴ Toe hy amper dood was, het hy soos volg gesê: “Dit is beter om deur mense te sterf en om uit te sien na die hoop wat God gee om weer deur Hom opgewek te word. Maar vir jou sal daar inderdaad geen opstanding tot die lewe wees nie.”

¹⁵ Vervolgens het hulle die vyfde broer ingebring en mishandel. ¹⁶ Hy het

*7:6 Moses ... lied: Deut 32:36-38; Ps 135:14

vir die koning gekyk en gesê: “Hoewel jy sterflik is, maak jy soos jy wil, omdat jy mag onder mense het — maar moenie dink dat ons volk deur God verlaat is nie. ¹⁷ Jy, wag maar, en aanskou sy groot krag — hoe Hy jou en jou nageslag sal martel.” ¹⁸ Ná hom het hulle die sesde broer gebring. Toe hy op die punt was om te sterf, het hy gesê: “Moenie 'n fout maak nie. Moet jouself nie mislei nie, want ons ly hierdie dinge deur ons eie toedoen, omdat ons teen ons eie God gesondig het; daarom het verstommende dinge gebeur. ¹⁹ Maar jy moenie dink jy sal ongestraf bly omdat jy teen God probeer veg het nie.” ²⁰ Veral die moeder was bewonderenswaardig en verdien om met respek onthou te word, want sy het, hoewel sy haar sewe seuns op een dag sien sterf het, dit moedig verduur omdat sy op die Here gehoop het. ²¹ Gevul met 'n edele gees, het sy elkeen van hulle in die taal van haar voorvaders aangemoedig, en haar vroulike betoog met die moed van 'n man versterk en vir hulle gesê: ²² “*Ek weet nie hoe julle in my skoot ontstaan het nie, en ek het ook nie aan julle asem en lewe gegee nie, en die elemente van elkeen van julle het ek nie georden nie. ²³ Daarom gee die Skepper van die wêreld, Hy wat die oorsprong van die mens gevorm en die oorsprong van alles bedink het, aan julle in sy barmhartigheid weer asem en lewe, omdat julle julleself nou geringskat ter wille van sy wette.” ²⁴ En omdat Antiogus gedink het dat hy minagtend behandel word, en agterdogtig was oor haar beskuldigende stem, het hy nie alleen met woorde 'n beroep op die jongste seun wat nog oorgebly het, gedoen nie, maar ook onder eed bevestig dat hy hom ryk en gelukkig sou maak indien hy afstand doen van die gebruike van sy voorvaders. Hy sou hom as 'n vriend neem en sake aan hom toevertrou. ²⁵ Maar toe die jong man geensins wou luister nie, het die koning die moeder nader geroep, en hy het daarop aangedring dat sy die jong man oortuig om sy lewe te red.

*7:22 Ps 139:13-16; Pred 11:5

²⁶ Nadat hy lank aangedring het, het sy onderneem om die seun te oorreed. ²⁷ Sy het oor die seun gebuig en die wrede tiran vir die gek gehou en só vir hom in die taal van haar voorvaders gesê: “Seun, jy moet medelye hê met my wat jou vir nege maande in die moederskoot gedra het, drie jaar lank met moedersmelk gevoed het, jou grootgemaak het, jou gebring het tot op hierdie tydstep in jou lewe, en jou versorg het.

²⁸ Ek smeeek jou, kind, om die hemel en die aarde en alles wat daarin is, te aanskou, en deur alles te sien, te besef dat God dit nie uit bestaande dinge gemaak het nie, en dat die menslike geslag ook so gemaak is.

²⁹ Moenie skrik vir hierdie laksman nie, maar wees jou broers waardig en aanvaar die dood, sodat ek jou deur die genade saam met jou broers mag terugkry.” ³⁰ Terwyl sy nog besig was om te praat, het die jong man gesê:

“Waarvoor wag julle, ek gehoorsaam nie die voorskrif van die koning nie, maar die voorskrif van die Wet^j wat aan ons vaders deur Moses gegee is. ³¹ Jy, wat allerhande soorte boosheid teen die Hebreërs uitgedink het, sal beslis nie die hand van God ontvlug nie. ³² Want ons ly vanweë ons eie sondes. ³³ Maar as ons lewende Here vir 'n kort tydjie kwaad is om ons te berispe en te dissiplineer, dan sal Hy weer met sy diensknegte versoen word. ³⁴ Maar jy, jou goddelose en mees besoedelde van alle mense, moenie sonder rede hoogmoedig en opgeblase wees deur onseker verwagtings wanneer jy jou hand teen die kinders van die hemel lig nie, ³⁵ want jy het nog nie die oordeel van die almagtige, alsiende God vrygespring nie. ³⁶ Want ons broers het 'n kort lyding verduur en ervaar nou die ewigdurende lewe* onder die verbond van God,^k maar jy sal deur God se oordeel die regverdige straf vir jou hoogmoed kry. ³⁷ Maar ek,

^j**7:30 Wet:** Verwys na die •Wet van Moses.

^{*}**7:36 ewigdurende lewe:** 2 Mak 7:9,14,23; 2 Kor 4:17; 1 Pet 1:3-4

^k**7:36 verbond van God:** Die verbond met al sy seëninge en vervloekinge, soos onder andere beskryf in Deut 30 — 32, was baie belangrik vir die •Judeërs.

soos my broers, gee liggaam en lewe prys ter wille van voorvaderlike wette, en ek roep God aan om gou genade teenoor die volk te bewys, asook dat jy deur folteringe en geselslae heen mag bely dat Hy alleen God is, ³⁸ sodat deur my en my broers die toorn van die Almagtige tot 'n einde kom, wat ons hele volk tereg getref het.” ³⁹ Hieroor het die koning woedend geword en hy het hom nog slegter as die ander behandel, omdat hy gegrief was oor die minagting. ⁴⁰ So het hy ook onbevlek gesterf terwyl hy volkome op die Here vertrou het. ⁴¹ Ten laaste, ná die seuns, het die moeder ook gesterf. ⁴² Hiermee genoeg inligting oor offers van binnegoed en buitensporige martelinge.

8

Judas Makkabeus se oorwinnings

(1 Mak 3:1-26)

¹ Intussen het Judas, wat ook Makkabeus genoem is, en hulle wat saam met hom was, ongemerk die dorpe binnegegaan en hulle volksgenote opgeroep. Hulle het dié wat getrou gebly het aan die Joodse geloof byeengebring en saamgeneem — omtrent sesduisend man. ² En hulle het die Here aangeroop om medelye te hê met die volk wat deur almal vertrap word, om jammer te wees oor die tempel wat deur goddelose mense ontheilig is, ³ om Hom te ontferm oor die stad wat op die punt staan om vernietig en met die grond gelyk gemaak te word, om te luister na die bloed wat na Hom roep, ⁴ ook om die onregmatige uitwissing van onskuldige kinders te onthou, en die lasterlikhede wat teen sy Naam gepleeg is, en om te toon dat Hy die bose haat.

⁵ Nadat Makkabeus sy leërmag georganiseer het, was hy inderdaad vir die heidennasies onoorwinlik, omdat die toorn van die Here in medelye verander het. ⁶ Hy het toe onverwags gegaan en stede en dorpe aan die brand gestee, strategiese plekke oorgeneem, en daar was nie min

vyande wat hy op die vlug gejaag het nie! ⁷ Hy het veral die nagte benut om sulke aanvalle te loods, en gerugte van sy dapperheid het oral versprei.

⁸ *Toe Filippus sien dat die man stadig maar seker vordering maak en al hoe meer sukses behaal, het hy 'n brief geskryf aan Ptolemeus, die goewerneur van Koile-Sirië¹ en Fenisië, om die koning se belange te help beskerm. ⁹ Ptolemeus het toe onmiddellik Patroklos se seun Nikanor, een van sy vernaamste Vriende,^m aangestel, en nie minder nie as twintigduisend heidene uit alle heidennasies onder sy aanvoering geplaas, en hom gestuur om die hele Joodse volk uit te roei. Hy het ook Georgias, 'n generaal met ervaring in oorlogvoering, aangestel om hom by te staan. ¹⁰ Nikanor het beplan om vir die koning die heffing van tweeduisend talentⁿ silwer wat hy aan die Romeine verskuldig was, uit die verkoop van gevange Judeërs^o bymekaar te maak. ¹¹ Hy het toe onmiddellik 'n boodskap na die kusstede gestuur om hulle uit te nooi om Joodse slawe te koop met die belofte om negentig slawe vir 'n talent^p te oorhandig, maar hy het nie verwag dat die oordeel van die Allerhoogste hom weldra sou inhaal nie. ¹² *Judas het te hore gekom van Nikanor se

***8:8-36** 1 Mak 3:37 — 4:25

¹**8:8 Koile-Sirië:** Sedert die tyd van Aleksander die Grote die naam van 'n 161 km lang vallei tussen die Libanon en die Anti-Libanongebergtes. Dit het by verskillende skrywers nie altyd na dieselfde gebied verwys nie.

^m**8:9 Vriende:** “Vriend van die Koning” was 'n eretitel in die Hellenistiese wêreld wat met sekere regte en verpligtinge verbind was.

ⁿ**8:10 2 000 talent:** Ongeveer 68 400 kg; •Geldeenhede.

^o**8:10 Judeërs:** Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat teruggekeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

^p**8:11 'n talent:** Ongeveer 34,2 kg; •Geldeenhede.

***8:12-20** 1 Mak 3:38-53

aantog, en toe hy sy volgeling vertel van die aankoms van die leërmag,¹³ het die lafhartiges, dié wat God se oordeel nie vertrou het nie, in alle rigtings uiteengespat en die plek verlaat.¹⁴ Die ander het al die oorblyfsels van hulle besittings verkoop en terselfdertyd die Here gesmeek om diegene te red wat deur die goddelose Nikanor verkoop is, nog voordat hy met hulle slaags geraak het —¹⁵ *indien nie ter wille van hulleself nie, dan ter wille van die verbonde met hulle vaders, en ter wille van sy heilige en glorieryke Naam wat oor hulle uitgeroep is.¹⁶ Maar Makkabeus het sy volgeling bymekaar geroep, sesduisend in totaal, en hulle aangespoor om nie paniekbevange oor die vyand te raak en nie die heidennasies, geensins gering in getal, te vrees wat onregmatig teen hulle optrek nie, maar om dapper te veg¹⁷ en die wettelose wandaad voor oë te hou wat teen hulle heiligdom^q gepleeg is, asook die foltering van die veragte stad en die omverwerping van hulle tradisionele lewenswyse.¹⁸ “Hulle vertrou immers gelyktydig op hulle wapens en hulle heldedade;” het hy gesê, “ons, daarenteen, vertrou op die Almagtige God wat die hele wêreld, ja, ook diegene wat teen ons optrek, met 'n kopknik kan vernietig.”¹⁹ Hy het hulle boonop vertel van die talle kere wat hulle voorvaders hulp ontvang het, soos die keer in Sanherib se tyd toe honderd vyf-en-tagtigduisend gesneuwel het,²⁰ en van die geveg teen die Galasiërs wat in Babilonië plaasgevind het, toe al agtduisend die geveg saam met vierduisend Macedoniërs aangepak het. Toe die Macedoniërs in 'n hoek gedryf was, het die agtduisend die honderd vyf-en-twintigduisend verslaan, omdat daar vir hulle van die

*8:15 Lev 26:44-45

^q8:17 **heiligdom:** Letterlik ‘heilige dinge’, maar die verwysing is na die •tempel in Jerusalem.

Hemel^r af hulp gekom het, en hulle baie goed buitgemaak het.

²¹ *Hierdeur het hy hulle moed ingeproat en hulle gereedgemaak om te sterf vir hulle wette en hulle vaderland. Hy het sy leer in vier dele verdeel ²² en sy broers as aanvoerders van die afdelings aangestel: Simon, Josef en Jonatan. Hy het vyftienhonderd onder elkeen se bevel geplaas. ²³ Hy het ook vir Eleasar aangestel. Nadat hy uit die heilige boek voorgelees het, het hy die wagwoord gegee, “Met God se hulp!”^s en self as aanvoerder van die eerste kohort soldate^t die geveg met Nikanor aangeknoop. ²⁴ Die Almagtige was hulle bondgenoot, en hulle het meer as negeduisend van die vyand neergevel, die grootste deel van Nikanor se weermag verwond en vermink, en almal gedwing om te vlug. ²⁵ Ook het hulle die geld van dié wat gekom het om hulle te koop, afgevat. Nadat hulle die vyand 'n lang ruk agtervolg het, het hulle teruggekeer, omdat dit al laat was; ²⁶ want dit was die dag voor die Sabbat, en om hierdie rede kon hulle nie voortgaan met die agtervolging nie. ²⁷ Nadat hulle die wapens van die vyand afgeneem en hulle wapenrusting as oorlogsbuit geneem het, het hulle gekom om die Sabbat te vier, terwyl hulle die Here, wat hulle op daardie dag gered het as die begin van sy barmhartigheid, uitbundig prys en dank. ²⁸ Ná die Sabbat het hulle 'n deel van die oorlogsbuit aan die gemarteldes en die weduwees en weeskinders gegee, en die res van die buit onder hulleself en hulle kinders verdeel.

^r**8:20 Hemel:** Die skrywer het direkte verwysings na God of sy Naam probeer vermy. “Hemel” is in hierdie vers 'n verwysing na God en daarom word dit met 'n hoofletter geskryf.

^{*}**8:21-29** 1 Mak 3:54 — 4:25

^s**8:23 Met ... hulp:** Dit is afgelei van die Hebreëuse naam “Eleasar”; 2 Mak 13:15.

^t**8:23 kohort soldate:** 'n Afdeling soldate, wat uit 200 tot 1 000, maar gewoonlik 600 man, bestaan het; •Militêre terme.

²⁹ Nadat hulle dit gedoen het, het hulle saam 'n smeekgebed aangehef waarin hulle die barmhartige Here versoek het om tot die einde toe met sy diensknegte versoen te wees. ³⁰ Hulle het dié wat saam met Timoteus en Bakgides was, die stryd aangesê, meer as twintigduisend van hulle gedood, en sommige baie hoë vestings maklik in besit geneem. Daarna het hulle die groot buit in gelyke dele onder mekaar verdeel, asook onder die gemarteldes, weeskinders en weduwees, en die oudstes. ³¹ Die wapens wat hulle gebuit het, het hulle alles sorgvuldig op geskikte plekke bymekaar gesit en die res van die oorlogsbuit na Jerusalem geneem. ³² Hulle het die bevelvoerder oor Timoteus se soldate doodgemaak, 'n uiters goddelose man wat die Judeërs baie probleme besorg het. ³³ Tydens die oorwinningsfeeste in die vaderland het hulle diegene verbrand wat die heilige poorte aan die brand gestee het — ook vir Kalisthenes, wat in 'n geboutjie in gevlug het, en wat sy verdiende loon vir sy goddeloosheid ontvang het. ³⁴ Ook Nikanor, wat driedubbel* sondig was en duisend handelaars gebring het om Judeërs te koop, ³⁵ is met die hulp van die Here verneder deur diegene wat hy as die geringstes geag het. Daarna moes hy sy klere uittrek en soos 'n slaaf wat dros, alleen wegvlug deur die binneland tot by Antiogië, terwyl hy slegs daarin geslaag het om sy eie leërmag te vernietig. ³⁶ Hy, wat onderneem het om die skatplig^u aan die Romeine te verseker deur die inwoners van Jerusalem gevange te neem, het nou bekend gemaak dat die Judeërs 'n Verdediger het en daarom onoorwinlik is, omdat hulle die wette wat deur Hom bepaal is, gehoorsaam het.

***8:34 driedubbel:** 2 Mak 8:24; 15:3

^u**8:36 skatplig:** 'n Heffing wat 'n veroweraar aan 'n verowerde volk oplê. Dit was algemene gebruik in die antieke tyd.

Dood van Antiogus Epifanes

(1 Mak 6:1-7; 2 Mak 1:11-17)

¹ Dit was ongeveer in daardie tyd dat Antiogus in wanorde uit die streke van Persië teruggetrek het. ² Hy het immers die stad wat Persepolis genoem is, binnegeval en probeer om tempels te beroof en om beheer van die stad oor te neem. Daarom het die volk met 'n stormloop begin en hulle as 'n uitweg tot wapens gewend, met die gevolg dat Antiogus deur die inwoners verjaag is en in skande teruggeval het. ³ Terwyl hy in Ekbatana was, is aan hom berig wat met Nikanor, en met Timoteus en diegene saam met hom, gebeur het. ⁴ Buite homself van woede, het hy hom voorgeneem om ook die onheil wat hom aangedoen is deur dié wat hom op die vlug gejaag het, op die Judeërs^v te wreek. Daarom het hy die drywer van sy strydwa beveel om onverpoos te ry tot sy reis voltooi was, maar die oordeel van die Hemel^w was reeds op hom. Want in sy arrogansie het hy gesê: “Ek sal van Jerusalem 'n begraafplaas van Judeërs maak wanneer ek daar aankom.” ⁵ Maar die alsiende Here, die God van Israel,^x het hom getref met 'n ongeneeslike en onsigbare plaag; want die oomblik toe hy klaar gepraat het, het 'n intense pyn in sy ingewande en akute inwendige foltering hom oorval — ⁶ heeltetal gepas

^v9:4 **Judeërs:** Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat teruggekeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

^w9:4 **Hemel:** Die skrywer het direkte verwysings na God of sy Naam probeer vermy. “Hemel” is in hierdie vers 'n verwysing na God en daarom word dit met 'n hoofletter geskryf.

^x9:5 **Israel:** Die begrippe Hebreërs, Israelite en Israel word anachronisties in 1 en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (inwoners van Juda) ná die ballingskap aan te dui.

vir hom wat ander se ingewande met soveel ongehoorde pyniginge gefolter het. ⁷ Nog steeds het hy geensins van sy verwaandheid afgesien nie, maar is hy net met nog meer arrogansie vervul, en in sy woede het hy vuur teen die Judeërs gespoeg. Toe het hy beveel dat hulle nog vinniger moes jaag, en met die gevolg dat hy uit sy voortsnellende strydwa geval het. Sy val was só ernstig dat hy elke ledemaat van sy liggaam ernstig beseer het. ⁸ Hy, wat oomblikke tevore nog in bomenslike arrogansie die indruk gewek het dat hy die golwe van die see kon beveel en gedink het dat hy die hoë berge met 'n skaal kon weeg, het op die grond beland en is met 'n draagbaar weggedra, en het so 'n duidelike toonbeeld geword van God se mag. ⁹ En toe het wurms uit die goddelose man se liggaam begin peul, met die gevolg dat, terwyl hy nog in pyn en lyding geleef het, sy vleis afgevrot het en sy hele leërmag deur die stank van sy ontbinding geteister is. ¹⁰ As gevolg van die ondraaglike stank kon niemand hom, wat kort tevore gedink het dat hy aan die sterre van die hemel kan raak, dra nie. ¹¹ Dit was toe dat hy, gebroke, begin het om sy uiterste arrogansie te laat vaar en tot sy sinne te kom onder die geseling van God, omdat hy weens die pyn elke oomblik meer intens gely het. ¹² En toe hy nie meer sy eie stank kon verduur nie, het hy dít gesê: “Dit is reg om onderworpe te wees aan God en geen sterfling moet dink dat hy gelyk aan God is nie.” ¹³ * Alhoewel die Here^y Hom nie meer oor die afskuwelike man sou ontferm nie, het hy 'n eed teenoor die Here afgelê, en die volgende gesê — ¹⁴ dat hy die heilige stad, waarheen hy hom gehaas het om dit met die grond gelyk te maak en 'n begraafplaas daarvan te maak, vry verklaar; ¹⁵ dat hy al die Judeërs, wat hy gedink het nie 'n begrafnis waardig is nie, maar wat hy saam met hulle kinders as kos vir voëls en wilde diere wou uitgooi, gelyk verklaar met die burgers

*9:13 1 Mak 6:8-17

^y9:13 **Here:** In Grieks *despotes*. 'n Ander naam vir die Here word hier gebruik.

van Athene; ¹⁶ dat hy die heilige tempel, wat hy vroeër geplunder het, met die mooiste geskenke sal versier; dat hy al die heilige voorwerpe in veelvoud sal teruggee en die vaste koste vir die offers uit sy eie inkomste sal betaal; ¹⁷ en dat hy boonop 'n Judeër sal word en na elke bewoonde plek sal gaan en die mag van God sal verkondig. ¹⁸ Toe die pyne glad nie wou ophou nie, omdat die regverdige oordeel van God oor hom gekom het en hy gewanhoop het oor sy omstandighede, het hy die volgende brief, in die vorm van 'n smeekskrif, aan die Judeërs geskryf. Dit lui so:

¹⁹“Antioqus, julle koning en generaal, stuur hartlike groete en wense vir gesondheid en voorspoed aan die eerbare Joodse burgers.

²⁰ My hoop is op die Hemel^z gerig dat dit met julle en julle kinders mag goed gaan, en dat julle sake na wense mag verloop, ²¹ en ek dink met liefde aan julle respek en goedgesindheid. Op my terugreis uit die streke van Persië het 'n siekte my oorval wat vir my probleme besorg, en ek het dit nodig geag om aandag te gee aan die algemene veiligheid van almal. ²² Ek is nie wanhopig oor my toestand nie, maar baie hoopvol dat ek van die siekte sal herstel. ²³ Maar ek het gesien dat ook my vader, wanneer hy veldtogte na die noordoostelike^a streke onderneem, 'n opvolger aangewys het, ²⁴ sodat, indien iets onverwags gebeur of onwelkome nuus kom, die mense in die land nie onrustig sou wees nie, omdat hulle sou weet aan wie die regering oorgelaat is. ²⁵ Verder is ek bewus daarvan dat die leiers van die aangrensende lande en die bure van ons koninkryk op die uitkyk is vir geleenthede en wag om te sien wat gaan gebeur. Daarom het ek my seun Antioqus as

^z9:20 *Hemel*: Vgl voetnoot in 2 Mak 9:4.

^a9:23 *noordoostelike*: Letterlik 'boonste'.

koning aangewys. Ek het hom dikwels, wanneer ek haastig na die noordoostelike satrapieë^b vertrek, aan die meeste van julle toevertrou en by julle aanbeveel. Ek het hom ook per brief laat weet wat hier geskryf staan. ²⁶ Ek versoek julle dus dringend en smeek julle om my openbare en persoonlike weldade te onthou, en dat elkeen die huidige goeie gesindheid teenoor my en my seun sal behou. ²⁷ Want ek is oortuig dat hy my beleid sal volg en julle verdraagsaam en menswaardig sal behandel.”

²⁸ Toe het die mensemoordenaar en godslasteraar in 'n vreemde land tussen die berge die allerellendigste dood gesterf, nadat hy die verskriklikste lyding ondergaan het, soos hy ook vir ander veroorsaak het. ²⁹ Filippus, die persoon wat saam met hom grootgeword het,^c het sy liggaam huis toe geneem, maar omdat hy bang was vir Antioqus se seun, het hy verder uitgewyk na Ptolemeus Filometer in Egipte.

10

Herinname van Jerusalem

(1 Mak 4:36-61)

¹ Makkabeus en diegene saam met hom het onder leiding van die Here weer die tempel en die stad in besit geneem. ² Hulle het die altare^d wat

^b9:25 *satrapieë*: Verwys na die Persiese provinsies; vgl Est 8:9.

^c9:29 *persoon ... grootgeword het*: Die Griekse term *suntrofos* is 'n Seleukidiese hoftitel.

^d10:2 *altare*: Die altare op die offerhoogtes was gewoonlik groot en sirkelvormig, met 'n deursnee van etlike meter waarop die offers gebring is, en waarop reukofferaltare soms gestaan het; vgl 2 Kron 34:4. Die priester het met trappe teen die altaar opgeklim. Die altare wat vir die Here gebou is, was kleiner en sonder trappe;

deur die vreemdelinge^e op die markplek opgerig is, en ook die heiligdomme afgebreek, ³ en nadat hulle die tempel gereinig het, het hulle 'n ander altaar gebou. Hulle het vuur uit vuur klippe geslaan, die vuur gevat en vir die eerste keer in twee jaar weer offers gebring. Hulle het wierook gebrand, lampe aangesteek en die vertoonbrode^f uitgeplaas. ⁴ Nadat hulle dit gedoen het, het hulle op hulle mae neergeval en die Here gesmeek dat hulle nooit weer sulke rampe sou oorkom nie, maar as hulle ooit weer sondig, hulle met deernis deur Hom getugtig sal word en nie aan lasterlike en barbaarse heidennasies uitgelewer word nie. ⁵ En op die dag dat die tempel deur vreemdelinge ontheilig is, op daardie selfde dag, het die reiniging van die tempel^g plaasgevind, op die vyf-en-twintigste van dieselfde maand, wat die maand •Kislef is. ⁶ Hulle het agt dae lank met vrolikheid feesgevier soos met die Huttefees,^h en onthou hoe hulle kort tevore gedurende die Huttefees soos wilde diere in die berge en grotte geëet het. ⁷ Daarom het hulle seremoniële stawweⁱ wat met loof versier was, en pragtige lote en ook nog palmtakke gedra en lofgesange gesing vir Hom wat suksesvol was in die reiniging van sy eie

^e10:2 *vreemdelinge*: Kan ook vertaal word “Filistyne”.

^f10:3 *vertoonbrode*: Brode wat op 'n tafel in die heilige deel van die tempel uitgestal is. Slegs ritueel gereinigde priesters is toegelaat om daarvan te eet.

^g10:5 *reiniging ... tempel*: Die Fees van die Tempelwyding was 'n Joodse fees ter herdenking van die herwyding van die tempel op 25 •Kislef (ongeveer Desember) in 164 vC.

^h10:6 *Huttefees*: Ook genoem “die fees van die insameling”, was 'n sewedaagse oesfees wat op 15-22 •Tisri (of •Etanim,) gevier is; •Feeste. Alhoewel die •bronteks verwys na “die maand •Kislef”, herdenk dit hier die hertoewyding van die tempel deur Judas Makkabeus; vgl 1 Mak 4:59. Dit word vandag nog gevier as die •Hanukka-fees; •Feeste.

ⁱ10:7 *seremoniële stawwe*: Takke waarom klimopranke gedraai was met 'n dennebol aan die punt. Uit klassieke Grieks bekend as 'n Bacchusstaf.

•tempel.^j ⁸ Hulle het deur 'n openbare dekreet en stemming die hele Joodse volk verplig om jaarliks hierdie dae te vier.

⁹ So het Antioqus, wat ook Epifanes genoem is, aan sy einde gekom.

Oorwinning van Judas oor die Idumeërs

¹⁰ *Nou sal ons vertel wat onder Antioqus Eupator, die seun van die goddelose man, gebeur het, en kortliks 'n opsomming gee van die oorlogsrampe. ¹¹ Hy het, nadat hy die koningskap oorgeneem het, 'n sekere Lisias, die hoofgoewerneur van Koile-Sirië^k en Fenisië, as hoof van regeringsake aangestel. ¹² Ptolomeus, wat Makron genoem word, het die leiding geneem om regverdig teenoor die Judeërs^l op te tree en het weens die onreg wat hulle aangedoen is, probeer om vreedsame verhoudinge met hulle te handhaaf. ¹³ Gevolglik is hy deur die Vriende^m by Eupator aangekla, en het hy by elke geleentheid gehoor hy is 'n verraaier, omdat hy Ciprus, wat deur Filometer aan hom toevertrou is, verlaat het en na Antioqus Epifanes oorgeloop het. Omdat hy nie sy amp op 'n eerbare wyse kon beoefen nie, het hy homself vergiftig en gesterf. ¹⁴ *Toe Georgias die bevelvoerder van die gebied geword het, het hy huursoldate in diens geneem en by elke geleentheid oorlog teen die

^j**10:7 tempel:** Letterlik 'plek'.

***10:10-13** 1 Mak 6:17

^k**10:11 Koile-Sirië:** Sedert die tyd van Aleksander die Grote die naam van 'n 161 km lang vallei tussen die Libanon en die Anti-Libanonberge. Dit het by verskillende skrywers nie altyd na dieselfde gebied verwys nie.

^l**10:12 Judeërs:** Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat teruggekeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

^m**10:13 Vriende:** "Vriend van die Koning" was 'n eretitel in die Hellenistiese wêreld wat met sekere regte en verpligtinge verbind was.

***10:14-23** 1 Mak 5:1-8

Judeërs bly voer. ¹⁵ Hierbenewens het ook die Idumeërs, wat in beheer van strategiese vestings was, die Judeërs lastig geval. Hulle het die vlugteling uit Jerusalem by hulle opgeneem en probeer om die oorlog voort te sit. ¹⁶ Maar Makkabeus en sy manne het God met smeekbede versoek om hulle bondgenoot te wees en toe die vestings van die Idumeërs bestorm. ¹⁷ Hulle het hulle met mening aangeval en in beheer gekom van die vestings. Hulle het dié wat op die muur geveg het, afgegooi en almal wat hulle teengekom het, doodgemaak. Hulle het nie minder nie as twintigduisend gedood. ¹⁸ Nie minder nie as negeduisend het in twee baie sterk torings skuiling gesoek wat ten volle toegerus was vir 'n beleg. ¹⁹ Makkabeus het vir Simon en Josef agtergelaat, asook vir Saggeus en diegene saam met hom, wat genoeg was om die torings te beleër, en het self na plekke vertrek wat dringende aandag verdien het. ²⁰ Maar diegene saam met Simon was geldgierig en is deur sommige van dié in die torings omgekoop, en nadat hulle sewentigduisend dragmeⁿ ontvang het, het hulle 'n aantal toegelaat om deur te glip. ²¹ Toe dit aan Makkabeus berig is, het hy die leiers van die volk bymekaargebring en die manne daarvan beskuldig dat hulle hulle broers vir geld verkoop het, deurdat hulle die vyand laat vrykom het om teen hulle te veg. ²² Hy het toe dié wat verraaiers geword het, doodgemaak en onmiddellik die twee torings ingeneem. ²³ Omdat hy altyd suksesvol was wanneer hy die wapen opgeneem het, het hy meer as twintigduisend in die twee vestings gedood.

²⁴ *Timoteus, wat vroeër deur die Judeërs verslaan is, het 'n groot leërmag huursoldate versamel, en geen geringe aantal perderuiters nie -- uit Asië afkomstig -- bymekaargebring en gekom om Juda in te neem.

ⁿ**10:20 dragme:** 'n Griekse silwermuntstuk, gelyk aan 'n Romeinse •denarius, wat ongeveer die dagloon van 'n arbeider werd was; •Geldeenhede.

***10:24-38** 1 Mak 13:43-48

²⁵ Terwyl hy naderkom, het Makkabeus en diegene saam met hom stof op hulle koppe gestrooi en hulle heupe met sakmateriaal^o omgord en God gesmeek.^p ²⁶ Hulle het op die voetstuk voor die altaar neergeval en Hom gesmeek om hulle genadig te wees en 'n vyand vir hulle vyande te wees en 'n teenstander vir hulle teenstanders, soos wat die Wet^q dit duidelik maak. ²⁷ Nadat hulle gebid het, het hulle hulle wapens opgeneem en redelik ver van die stad af wegbeweeg. Toe hulle naby die vyand kom, het hulle gestop. ²⁸ Net toe die dag breek, het albei leërs tot die aanval oorgegaan. Die een groep het nie net hulle dapperheid nie, maar ook hulle vertrouwe op die Here as waarborg vir sukses en oorwinning gehad. Die ander groep, daarenteen, het hulle bloot deur woede in die geveg laat lei. ²⁹ Toe die geveg hewig geword het, het daar vyf glansende manne op perde met goue teuels uit die hemel aan die vyand verskyn, en hulle het die Judeërs van voor af gelei. ³⁰ Hulle het Makkabeus omring en met hulle eie wapenrusting beskerm en bewaak sodat hy nie gewond is nie, en het aanmekaar pyle en bliksemstrale op die vyand gewerp, met die gevolg dat hulle in volslae verwarring verblind was en uitmekaar gejaag is. ³¹ Twintigduisend vyfhonderd voetsoldate en seshonderd perderuiters is afgemaai. ³² Timoteus self het na 'n vesting met die naam Geser, 'n baie sterk fort waar Gaireas bevelvoerder was, gevlug. ³³ Diegene saam met Makkabeus was bly en het die fort vier dae lank beleër. ³⁴ Diegene aan die binnekant het staatgemaak op die sterkte van die plek, en het vreeslik gelaster en goddelose woorde geuiter. ³⁵ Maar met die aanbreek van die vyfde dag het twintig jong manne saam met

^o**10:25 sakmateriaal:** 'n Growwe, krapperige materiaal geweef van bok- of kameelhaar. Dit is teen die vel gedra as teken van smart of berou.

^p**10:25 stof ... gesmeek:** In die antieke tyd was hierdie aksies tekens van diepe verootmoediging terwyl daar tot 'n godheid genader is.

^q**10:26 Wet:** Verwys na die •Wet van Moses.

Makkabeus, aangevuur deur woede oor die godslastering, die muur heldhaftig bestorm en met dierlike woede elkeen wat hulle teengekom het, afgemaai. ³⁶ Ander het op dieselfde wyse met 'n omsingelende beweging opgegaan teen diegene aan die binnekant en die torings aan die brand gestee, vure aangesteek, en die lasteraars lewendig verbrand. Ander het die hekke oopgebreek, en nadat hulle die res van die leëring ingelaat het, het hulle die stad ingeneem. ³⁷ En hulle het vir Timoteus, wat in 'n put geskuil het, saam met sy broer Gaireas en Apollofanos, vermoor. ³⁸ Nadat hulle hierdie dinge gedoen het, het hulle die Here met lofgesange en dankliedere geloof, wat groot weldade aan Israel^r bewys het en aan hulle die oorwinning gegee het.

11

Oorwinning van Judas oor Lisias

(1 Mak 4:26-35)

¹ Lisias, die koning se voog en bloedverwant wat in beheer was van regeringsake, was erg ontevrede oor wat gebeur het, en het baie kort hierna ² omtrent tagtigduisend voetsoldate en al sy perderuiters bymekaargebring en teen die Judeërs^s opgetrek, want hy was van voorneme om die stad 'n woonplek vir Grieke te maak ³ en om die heiligdom skatpligtig te maak,^t soos die ander heiligdomme van die

^r**10:38 Israel:** Die begrippe Hebreërs, Israeliete en Israel word anachronisties in 1 en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (inwoners van Juda) ná die ballingskap aan te dui.

^s**11:2 Judeërs:** Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat teruggekeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

^t**11:3 skatpligtig te maak:** Dit was 'n belasting wat jaarliks gelewer moes word, en gewoonlik bestaan het uit 'n vaste hoeveelheid landbouprodukte, silwer en goud.

heidennasies, en om jaarliks die hoëpriesteramp te koop aan te bied. ⁴ Hy het hoegenaamd nie met die krag van God rekening gehou nie, maar was baie ingenome met sy tienduisend voetsoldate, duisende perderuiters en tagtig olifante. ⁵ Hy het Juda binnegeval, en toe hy naby Bet-Sur kom, wat 'n versterkte dorp omtrent vyf stadion^u van Jerusalem af was, het hy dit onder druk geplaas. ⁶ Toe Makkabeus en diegene saam met hom verneem dat Lisias die vesting beleër, het hulle met geweeklaag en trane saam met die massas die Here gesmeek om 'n goeie engel tot die redding van Israel^v te stuur.* ⁷ Makkabeus self het eerste die wapen opgeneem en die ander ook aangespoor om saam met hom die risiko te loop om hulle broers tot hulp te kom. Hulle het toe gewillig saam opgetrek. ⁸ Terwyl hulle daar naby Jerusalem was, het 'n perderuiter in wit klere, wat goue wapens rondswaai, as hulle aanvoerder verskyn. ⁹ En hulle het almal saam die barmhartige God geprys. Hulle harte is versterk en hulle was gereed om nie net mense nie, maar ook die wildste diere en ystermure te vernietig. ¹⁰ Hulle het in slagorde vorentoe beweeg saam met die bondgenoot uit die hemel, omdat die Here Hom oor hulle ontferm het. ¹¹ Soos lees hulle op die vyand afgestorm en van hulle elfduisend voetsoldate en eenduisend seshonderd perderuiters neergevel, en al die ander gedwing om te vlug. ¹² Die meeste van hulle het verwond en kaalgestroop ontvlug, en Lisias self het ontsnap deur in skande te vlug. ¹³ *Maar hy was nie dom nie, en het nagedink oor die neerlaag wat oor hom gekom het en besef dat die Hebreërs onoorwinlik is, omdat die magtige God saam met hulle geveg het. ¹⁴ Hy het toe 'n boodskap gestuur

^u**11:5 5 stadion:** Ongeveer 925 m; •Lengtemate.

^v**11:6 Israel:** Die begrippe Hebreërs, Israeliete en Israel word anachronisties in 1 en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (inwoners van Juda) ná die ballingskap aan te dui.

* **11:6 engel ... stuur:** Eks 23:20

* **11:13-15** 1 Mak 6:55-63

en hulle oorreed om oor alle regverdige voorwaardes tot 'n vergelyk te kom, en dat hy daarom ook by die koning sou aandrings om hulle vriend te wees. ¹⁵ Gedagtig aan die voordele daaraan verbonde, het Makkabeus tot alles ingestem wat Lisias versoek het, want die koning het ingestem tot alles wat Makkabeus in briewe aan Lisias met betrekking tot die Judeërs voorgelê het.

¹⁶ Die brief wat Lisias aan die menigte Judeërs geskryf het, het die volgende strekking:

“Lisias aan die Judeërs:

“Gegroet!

¹⁷ “Johannes en Absalom, wat deur julle gestuur is, het die ondertekende dokument oorhandig en 'n antwoord gevra in verband met die sake wat deur hom aangedui word. ¹⁸ Ek het die koning oor alles ingelig wat onder sy aandag gebring moes word, en hy het tot alles wat moontlik was, ingestem. ¹⁹ As julle dan julle goedgesindheid teenoor die regering behou, sal ek in die toekoms probeer om julle welsyn te bevorder. ²⁰ Wat hierdie dinge en die besonderhede daarvan betref, het ek aan hierdie mense, sowel as aan my afgevaardigdes, opdrag gegee om dit met julle te bespreek.

²¹ “Laat dit met julle goed gaan. Die vier-en-twintigste Dioskorintius^w van die jaar eenhonderd agt-en-veertig.^x”

²² Die brief van die koning het soos volg gelui:

^w**11:21 Dioskorintius:** Sommige mss lui “Dustros”, vgl Tob 2:12. Verwys waarskynlik na 'n ingevoegde Macedoniese maand tussen Dustros en Xantikus (11:30); •Maande.

^x**11:21 jaar 148:** 164 vC.

“Koning Antiogus aan sy broer Lisias:

“Gegroet!

²³ “Noudat ons vader na die gode oorgegaan het, wil ons hê dat die onderdane van die koninkryk ongehinderd aan hulle eie sake aandag gee. ²⁴ Ons het gehoor dat die Judeërs nie die afdwing van Griekse gewoontes deur ons vader goedkeur nie, maar hulle eie leefwyse verkies en vra om toegelaat te word om hulle voorskrifte te volg.

²⁵ Omdat ons ook wil hê dat hierdie volk vry van inmenging moet wees, is ons van oordeel dat die tempel aan hulle teruggegee word en dat hulle volgens die gewoontes van hulle voorvaders moet leef. ²⁶ Dit sal dan goed wees as julle 'n boodskap na hulle sal stuur en hulle die regterhand reik,^y sodat hulle ons beleid kan ken en vol vreugde kan wees en gelukkig kan voortgaan om hulle eie sake te reël.”

²⁷ Aan die volk het die koning se brief soos volg gelui:

“Koning Antiogus

“stuur groete

“aan die Raad van Oudstes van die Judeërs en die ander Judeërs.

²⁸ “As dit met julle goed gaan, sou dit wees soos ons dit wil hê. Ons self is ook gesond. ²⁹ Menelaus het ons meegedeel dat julle huis toe wil gaan om aan julle eie sake aandag te gee. ³⁰ Vir dié wat dan tot die dertigste Xantikus^z terugkeer huis toe, sal daar 'n regterhand

^y**11:26 regterhand ... reik:** Letterlik ‘die regterhand gee’. Die uitdrukking is 'n simboliese gebaar vir 'in vrede kom'. In antieke tye het mense mekaar die hand gereik om aan te toon dat hulle geen wapens dra nie.

^z**11:30 Xantikus:** Die maand in die Macedoniese kalender wat met die maand •Nisan (Maart) ooreenstem; •Maande.

van vriendskap en amnestie wees, ³¹ sodat die Judeërs net soos voorheen volgens hulle eie gebruike en voorskrifte mag leef, en niemand van hulle op enige wyse lastig geval word oor dinge wat in onkunde gedoen is nie. ³² Ek het ook vir Menelaus gestuur om julle te bemoedig.

³³ Laat dit met julle goed gaan. Die vyftiende Xantikus van die jaar eenhonderd agt-en-veertig.^a”

³⁴ Die Romeine het ook 'n brief aan hulle gestuur wat soos volg gelui het:

“Quintus Memmius en Titus Manius, ambassadeurs van die Romeine,

“aan die Judese volk:

“Gegroet!

³⁵ “Aan die dinge wat Lisias, die bloedverwant van die koning, julle toegestaan het, gee ons ook ons goedkeuring. ³⁶ En aangaande die sake wat hy besluit het aan die koning voorgelê moet word — wanneer julle dit oorweeg het, moet julle onmiddellik iemand na ons stuur, sodat ons aan die koning kan voorlê wat vir julle aanvaarbaar is, want ons is op pad na Antiogië. ³⁷ Maak dus gou en stuur iemand, sodat ons ook kan weet wat julle mening is.

³⁸ Alles van die beste. Die vyftiende Xantikus van die jaar eenhonderd agt-en-veertig.”

^a11:33 jaar 148: 164 vC.

12

Veldtogte van Judas

¹ Nadat hierdie verdrae gesluit is, het Lisias teruggegaan na die koning, en die Judeërs^b het hulle besig gehou met hulle boerdery. ² Maar sommige van die plaaslike goewerneys, Timoteus en Apollonius, seun van Gennaius, sowel as Hieronimus en Demofon, en hiernaas ook Nikanor, die bevelhebber van die Cipriote, het hulle nie toegelaat om 'n bestendige en rustige lewe te lei nie. ³ Die inwoners van Joppe het toe die volgende goddelose daad gepleeg: Hulle het die Judeërs wat saam met hulle gewoon het, uitgenooi om met hulle vroue en kinders aan boord van skepe wat deur hulle voorsien is, te gaan, asof daar geen kwaadgesindheid teenoor hulle was nie; ⁴ dit is gedoen kragtens 'n amptelike besluit van die stad. Nadat die Judeërs dit aanvaar het, omdat hulle in vrede wou leef en geen agterdog gekoester het nie, het die mense van Joppe hulle op die see geneem en nie minder nie as tweehonderd laat verdrink. ⁵ Toe Judas hoor van die wreedheid wat teenoor sy landgenote gepleeg is, het hy opdrag aan sy manne gegee, ⁶ en nadat hy God, die regverdige regter, aangeroop het, het hy die moordenaars van sy broers aangeval. Hy het die hawe in die nag aan die brand gestee, die skepe verbrand en dié wat saam daar skuiling gesoek het, met die swaard deurboor. ⁷ Omdat die plek gesluit was, het hy teruggeval, met die doel om weer te kom en die hele bevolking van Joppe uit te roei. ⁸ Toe hy verneem dat ook die inwoners van Jamnia van plan was om op dieselfde manier op te tree teen die Judeërs wat onder hulle gewoon het, ⁹ het hy ook die inwoners van Jamnia in die nag oorval

^b**12:1 Judeërs:** Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat terugkeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

en die hawe en vloot aan die brand gesteeek, sodat die gloed van die vuur tot in Jerusalem, tweehonderd-en-veertig stadion^c daarvandaan, gesien kon word.

¹⁰ *Toe hulle nege stadion^d daarvandaan weg was in die opmars teen Timoteus, het nie minder nie as vyfduisend Arabiere en vyfhonderd perderuiters hom aangeval. ¹¹ Ná 'n hewige geveg het Judas en diegene saam met hom, met die hulp van God, die oorwinning behaal. Die verslane nomades het Judas gesmeek om hulle die regterhand te reik^e en beloop om vir hulle beeste te gee en hulle met ander dinge ook behulpsaam te wees. ¹² Omdat Judas gedink het dat hulle in baie opsigte werklik nuttig kon wees, het hy ingestem om vrede met hulle te maak, en nadat hulle mekaar die regterhand van vriendskap gebied het, het hulle na hulle tente teruggegaan.

¹³ Hy het ook 'n sekere stad met die naam Kaspin* aangeval, wat versterk was met brûe en verskans met mure, en deur 'n gemengde bevolking van allerhande heidennasies bewoon was. ¹⁴ Die inwoners het egter vertrou op die sterkte van die mure en hulle voedselvoorraad, en het baie arrogant teenoor Judas en diegene saam met hom opgetree, deur hulle te beledig en boonop godslasterlike en onwettige dinge te uiter. ¹⁵ Toe het diegene wat saam met Judas was, die groot Heerser van die wêreld aangeroop, wat in die tyd van Josua sonder stormramme en oorlogswerktuie die mure van Jerigo omgegooi het, en hulle het die

^c**12:9 240 stadion:** Ongeveer 44,4 km; •Lengtemate.

***12:10-25** 1 Mak 5:9-36

^d**12:10 9 stadion:** Ongeveer 1,7 km.

^e**12:11 regterhand ... reik:** Letterlik 'die regterhand gee'. Die uitdrukking is 'n simboliese gebaar vir "in vrede kom". In antieke tye het mense mekaar die hand gegee om aan te toon dat hulle geen wapens dra nie.

***12:13 Kaspin:** 1 Mak 5:26

muur soos wilde diere bestorm. ¹⁶ Hulle het die stad deur die wil van God ingeneem en 'n onbeskryflike groot slagting aangerig, sodat dit gelyk het of die aangrensende meer, omtrent twee stadion^f breed, vol bloed was.

¹⁷ **Daarvandaan het hulle sewehonderd-en-vyftig stadion^g weggetrek en in Garaka aangekom by die sogenaamde Toebiaini-Judeërs.^h ¹⁸ Maar hulle het nie vir Timoteus in hierdie plekke aangetref nie, want hy het toe reeds onverrigtersake hiervandaan vertrek, hoewel hy op 'n sekere plek 'n baie sterk garnisoen agtergelaat het. ¹⁹ Dositeus en ook Sosipatros, bevelvoerders van Makkabeus, het uitgemaarsjeer en die mense wat deur Timoteus in die vesting agtergelaat is, doodgemaak — meer as tienduisend man. ²⁰ Makkabeus het sy leërmag in kohorte soldateⁱ verdeel en Dositeus en Sosipatros oor die kohorte aangestel, en hy het teen Timoteus opgetrek, wat honderd-en-twintigduisend voetsoldate en tweeduisend vyfhonderd perderuiters by hom gehad het. ²¹ Toe hy verneem van Judas se opmars, het Timoteus die vroue en kinders en ander besittings vooruit gestuur na 'n plek genaamd Karnion, want die gebied was moeilik om te beleër en moeilik toeganklik omdat al die plekke so nou was. ²² Maar toe Judas se eerste kohort soldate verskyn, het angs en vrees oor die vyand gekom omdat die Alsiende aan hulle verskyn het. Hulle het toe haastig in verskillende rigtings op die vlug geslaan, met die gevolg dat hulle dikwels deur hulle eie manne beseer en deur die punte van hulle swaarde deurboor is. ²³ Judas het hulle verbete

^f**12:16 2 stadion:** Ongeveer 370 m.

* **12:17-25** 1 Mak 5:37-44

* **12:17** Rig 11:3

^g**12:17 750 stadion:** Ongeveer 139 km.

^h**12:17 Toebiaini-Judeërs:** Die inwoners van Tob wat die dorp Garaka beset het; vgl 1 Mak 5:13.

ⁱ**12:20 kohorte soldate:** Afdelings soldate, wat uit 200 tot 1 000, maar gewoonlik 600 man, bestaan het; •Militêre terme.

agtervolg en die booswigte neergevel en ongeveer dertigduisend manne uitgewis. ²⁴ Timoteus self het in die hande van Dositeus en Sosipatros en diegene saam met hulle geval. Met groot listigheid het hy hulle gevra om hom ongedeerd te laat gaan, aangesien hy die meeste van hulle se ouers en sommige van hulle se broers gevange gehou het, en dat dit daartoe sou kon lei dat hulle nie ontsien sal word nie. ²⁵ Nadat hy met baie woorde sy eed bevestig het om hulle ongedeerd terug te besorg, het hulle hom laat gaan ter wille van die redding van hulle broers.

²⁶ *Toe het Judas opgeruk teen Karnion en die heiligdom van Atergatis en vyf-en-twintigduisend mense doodgemaak. ²⁷ Ná die nederlaag en vernietiging van die gebied, het hy ook teen Efron, 'n versterkte stad waarin Lisias en 'n menigte mense van alle nasionaliteite gewoon het, oorlog gemaak. Sterk jong manne het voor die mure posisie ingeneem en dapper weerstand gebied, en daar was groot voorrade oorlogswerktuie en werpspiese. ²⁸ Maar hulle het die Heerser aangeroop, wat met krag die mag van sy vyande verbrysel het, en hulle het die stad ingeneem en ongeveer vyf-en-twintigduisend van die inwoners neergevel. ²⁹ Nadat hulle kamp opgebreek het, het hulle hulle vandaar na Skitopolis gehaas, wat seshonderd stadion^j van Jerusalem af was. ³⁰ Maar die Judeërs wat daar gewoon het, het getuig van die goedgesindheid wat die mense van Skitopolis teenoor hulle gehad het, en die vriendelike optrede teenoor hulle in moeilike tye. ³¹ Die Judeërs het die inwoners bedank en aangespoor om ook in die toekoms goedgesind teenoor die volk te wees, en het na Jerusalem opgegaan, aangesien die Fees van die Weke^k naby was.

*12:26-31 1 Mak 5:45-54

^j12:29 **600 stadion:** Ongeveer 111 km.

^k12:31 **Fees van die Weke:** •Pinksterfees; •Feeste.

³² Ná hierdie fees, wat ook Pinksterfees^l genoem word, het hulle opgeruk teen Gorgias, bevelvoerder van Idumea. ³³ Hy het hulle tegemoet gekom met drieduisend voetsoldate en vierhonderd perderuiters. ³⁴ Tydens die geveg het 'n paar Judeërs gesnuwel. ³⁵ Een van Bakenor se manne, 'n sekere Dositheus, 'n perderuiter en 'n sterk man, het Gorgias beetgekry, sy mantel gegryp en hom met krag voortgesleep in 'n poging om die vervloekte man lewend gevange te neem; maar een van die Trakiese ruiters^m het hom aangeval en sy arm afgekap, en Gorgias het na Marisa ontsnap. ³⁶ Omdat diegene saam met Esdris vir 'n lang ruk geveg het en uitgeput was, het Judas die Here aangeroep om as bondgenoot te verskyn en die leier in die geveg te wees. ³⁷ Hy het in die taal van sy voorvaders die oorlogskreet uitgeroep en lofgesange gesing, en het diegene saam met Gorgias onverwags bestorm en hulle op die vlug laat slaan.

³⁸ Judas het toe sy leer byeengebring en na die dorp Odollam gegaan; en omdat die sewende dag op hande was, het hulle hulleself volgens die gebruik gereinig en die Sabbat daar gevier. ³⁹ Die volgende dag, toe die tyd aanbreek het, het diegene wat saam met Judas was, gegaan om die liggame van die gesnuweldes saam met hulle terug te bring en met hulle familie in die grafte van hulle voorvaders te begrawe. ⁴⁰ Hulle het onder die onderklede van elkeen van die dooies afgodsbeeldjies van die afgode van Jamnia gevind, wat die Wetⁿ die Judeërs verbied het om te

^l**12:32 Pinksterfees:** Ook genoem Fees van die Weke, is gevier 7 weke ná die begin van die graanoes, die dag waarop die eerste gerf gars gesny is wat voor die Here aangebied moes word (Lev 23:9-13). Dit het gewoonlik gebeur teen •Pasga, sodat die Fees van die Weke 7 weke (50 dae) ná Pasga gevier is; •Feeste.

^m**12:35 Trakiese ruiters:** Die perderuiters van Trakië, 'n gebied tussen die Strimon- en Donouriviere, was hoog in aanvraag as huursoldate.

ⁿ**12:40 Wet:** Verwys na die •Wet van Moses.

dra. Toe het dit vir almal duidelik geword dat hulle om hierdie rede gesnuwel het. ⁴¹ Almal het daarom die weë van die Here, die regverdige Regter, geloof, wat dinge wat verborge is, openbaar maak. ⁴² Hulle het smeekbede aangehef en gevra dat die sonde wat gepleeg is, volledig uitgewis sou word. En die edele Judas het die volk vermaan om hulle vry te hou van sonde, want hulle het met hulle eie oë gesien wat gebeur het weens die sonde van die gesnuweldes. ⁴³ Ook het hy deur 'n insameling onder al sy manskappe omtrent tweeduisend silwerdragme^o bymekaargemaak en dit na Jerusalem gestuur om voorsiening te maak vir 'n •reinigingsoffer. Hy het baie goed en edel opgetree, omdat hy aan die opstanding gedink het; ⁴⁴ want as hy nie verwag het die gesnuweldes sou opstaan nie, sou dit nutteloos en dwaas gewees het om vir dooies te bid. ⁴⁵ Maar hy het ook gedink aan die pragtige beloning wat gereed gehou word vir dié wat in vroomheid ontslaap^p het — 'n heilige en vroom gedagte. Daarom het hy vir die dooies die versoeningsoffer gebring, sodat hulle van hulle sondes vrygespreek kon word.

13

Dood van Menelaus

¹ In die jaar eenhonderd nege-en-veertig^q het diegene wat saam met Judas was, gehoor dat Antiogus Eupator besig was om met 'n menigte manskappe teen Juda op te ruk, ² saam met Lisias, sy voog en die hoof van regeringsake. Elkeen het 'n Griekse leërmag van honderd-en-tienduisend voetsoldate, vyfduisend driehonderd ruiters,

^o**12:43 silwerdragme:** 'n Griekse silwermuntstuk, gelyk aan 'n Romeinse •denarius, wat ongeveer die dagloon van 'n arbeider werd was; •Geldeenhede.

^p**12:45 ontslaap:** 'n Versagtende term vir “sterwe”. In die Nuwe Testament word dit by voorkeur gebruik vir die dood van gelowiges.

^q**13:1 jaar 149:** 163 vC.

twee-en-twintig olifante en driehonderd strydwaens met lemme aan die wiele gehad. ³ Menelaus het ook by hulle aangesluit en Antiogus met valse voorwendsels aangepor, nie ter wille van die redding van sy vaderland nie, maar omdat hy gedink het dat hy daardeur in die amp bevestig sou word. ⁴ Maar die Koning van konings het die woede van Antiogus teen die skuldige laat opvlam, en toe Lisias dit aan die lig bring dat Menelaus die oorsaak van al die moeilikheid was, het Antiogus hulle beveel om hom na Berea te neem en hom op die gebruikelike manier op daardie plek tereg te stel. ⁵ Daar was 'n toring van vyftig el^r hoog, en vol as, met 'n tregtervormige stellasië wat steil in die as afloop. ⁶ Daar word enigiemand wat skuldig is aan tempelroof, of berug is vir sekere ander misdade, deur almal afgestamp na sy dood. ⁷ So 'n lot het die wetsoortreder Menelaus oorgekom, sodat hy gesterf het selfs sonder dat hy die grond getref het,^s ⁸ en heeltemal tereg, want, omdat hy baie sondes gepleeg het teen die altaar waarvan die vuur en die as heilig is, het hy sy dood in die as gevind.

Oorwinning oor Antiogus Eupator

(1 Mak 6:43-46)

⁹ Die koning het barbaars geword in sy denke, en het gekom om die Judeërs^t baie erger dinge te wys as wat in die tyd van sy vader gebeur het. ¹⁰ Toe Judas hiervan hoor, het hy die volk beveel om dag en nag die Here aan te roep, om nou, soos nooit tevore nie, dié te help wat op die punt staan om van hulle Wet^u en vaderland en heilige tempel beroof te

^r13:5 **50 el**: Ongeveer 22,5 m; •Lengtemate.

^s13:7 **sonder ... getref het**: Kan ook vertaal word “sonder dat hy begrawe is”.

^t13:9 **Judeërs**: Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat teruggekeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

^u13:10 **Wet**: Verwys na die •Wet van Moses.

word, ¹¹ en om nie toe te laat dat die volk, wat kort tevore weer kon asem skep, in die hande van die godslasterende heidennasies val nie. ¹² Almal het saam die barmhartige Here drie dae lank ononderbroke gesmeek met weeklaag en vas en aanbidding. Daarna het Judas hulle bemoedig en beveel om gereed te staan. ¹³ Nadat hy eenkant met die oudstes^v beraadslaag het, het hy besluit dat hulle moes opruk en die saak met die Here se hulp besleg, voordat die koning se leër Juda binneval en die stad inneem. ¹⁴ Nadat hy die beslissing aan die Skepper van die wêreld toevertrou het, het hy diegene saam met hom aangemoedig om dapper tot die dood te veg vir die voorskrifte, tempel, stad, vaderland en staat. Toe het hy naby Modein kamp opgeslaan. ¹⁵ Hy het vir sy manne die wagwoord “Die oorwinning van God!”* gegee en in die nag met die dapperste uitgesoekte jong manne 'n aanval op die koninklike kwartiere geloods. Hy het ongeveer tweeduisend manskappe in die kamp doodgemaak en die leierolifant en sy hanteerder doodgesteek. ¹⁶ Hulle het uiteindelik vrees en verwarring in die hele kamp gesaai, en toe suksesvol teruggetrek. ¹⁷ Dit het teen dagbreek gebeur, danksy die beskerming van die Here.

Vredesverdrag met Antioqus V Eupator

(1 Mak 6:48-63)

¹⁸ Maar toe die koning 'n voorsmakie gekry het van die Judeërs^w se waagmoed, het hy hulle posisies deur listige strategieë probeer vasstel. ¹⁹ Hy het opgeruk teen die sterk Joodse vesting Bet-Sur, is verjaag, het weer aangeval, en is oorwin. ²⁰ Judas het voorrade ingestuur vir die

^v13:13 *oudstes*: Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

* 13:15 *wagwoord ... God*: 2 Mak 8:23

^w13:18 *Judeërs*: Vgl voetnoot in 2 Mak 13:9.

manne wat binne was.²¹ Maar Rodokus, 'n man uit die slagorde van die Judeërs, het geheime inligting aan die vyand bekend gemaak. Hy is opgespoor, gevange geneem en opgesluit.²² Die koning het 'n tweede keer met die inwoners van Bet-Sur gepraat, hulle die regterhand van vriendskap^x gebied, en dit ook van hulle ontvang, en toe het hy teruggetrek. Hy het Judas en diegene saam met hom weer aangeval en is verslaan.²³ Antiogus het gehoor dat Filippus, wat in Antiogië in beheer van die regering gelaat is, waansinnig geraak het. Die koning was verward en het die Judeërs ontbied, toegegee aan hulle voorwaardes, gesweer om aan al hulle regmatige eise te voldoen, en 'n ooreenkoms met hulle bereik. Hy het 'n offer gebring, die tempel geëer en die plek met agting bejeën.²⁴ Hy het Makkabeus ontvang en Hegemonides as bevelvoerder vanaf Ptolemaïs tot Gerrar agtergelaat,²⁵ en toe na Ptolemaïs gegaan. Die inwoners van Ptolemaïs was verontwaardig oor die ooreenkoms, want hulle het aanstoot geneem aan die voorwaardes en wou dit nietig verklaar.²⁶ Lusias het die podium bestyg en die saak op bekwame wyse verdedig. Hy het hulle oortuig, gekalmeer, hulle goedgesindheid gewen en toe na Antiogië vertrek. Dit is hoe die koning se opmars en terugtog verloop het.

14

Verraad van Alkimus

(1 Mak 7:1-25)

¹ Drie jaar later het Judas en diegene saam met hom berig ontvang dat Demetrius, seun van Seleukus, met 'n sterk leërmag en vloot die hawe

^x**13:22 regterhand van vriendskap:** Letterlik 'die regterhand gee'. Die uitdrukking is 'n simboliese gebaar vir "in vrede kom". In antieke tye het mense mekaar die hand gegee om aan te toon dat hulle geen wapens dra nie.

van Tripoli binnegevaar ² en die land in besit geneem het, nadat hy Antioqus, en dié se voog Lisias, om die lewe gebring het. ³ 'n Sekere Alkimus, 'n voormalige hoëpriester, het homself uit eie beweging ten tye van die oproer verontreinig, omdat hy besef het dat daar vir hom op geen manier meer redding of toegang tot die heilige altaar was nie, ⁴ en hy het in omtrent die honderd-een-en-vyftigste jaar^y na koning Demetrius gegaan, vir hom 'n goue kroon en 'n palmtak geneem, asook, soos gebruikelik, die olyftakke uit die tempel; maar op daardie dag het Alkimus niks gesê nie. ⁵ Hy het egter 'n geleentheid aangegryp -- wat sy eie dwaasheid aangehelp het -- toe hy deur Demetrius na die Sanhedrin^z ontbied en ondervra is oor die houding en plan van die Judeërs.^a Hy het hierop geantwoord: ⁶“Diegene van die Judeërs wat Gasideërs^b genoem word, en wat deur Judas Makkabeus aangevoer word, hou aan veg, stook opstand en laat nie toe dat die koninkryk stabiel word nie. ⁷ Daarom het ek, nadat die aansien wat my familie toekom, my ontnem is — naamlik die hoëpriesterskap — nou hierheen gekom, ⁸ eerstens omdat ek opreg bekommerd is oor die belange van die koning en tweedens omdat ek vir my eie volksgenote omgee, want deur die dwaasheid van die genoemde persone is die lyding van ons volk nie gering nie. ⁹ Omdat u presies weet van elkeen van hierdie sake, o koning, betoon ook die vriendelike

^y14:4 **151ste jaar:** 161 vC.

^z14:5 **Sanhedrin:** Die Joodse Raad, die hoogste hof van die Jode.

^a14:5 **Judeërs:** Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat teruggekeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

^b14:6 **Gasideërs:** Grieks *asidaioi*, is van Hebreeus, *Gasidim*, regverdiges, afgelei en word direk in verband gebring met 'n groep konserwatiewe •Judeërs wat tydens die •Makkabeëropstand teen •Antioqus IV Epifanes se hellenisering van Palestina opgetree het. Kenmerkend van hierdie groep was hulle geloof in die •Wet van Moses.

welwillendheid wat u teenoor almal betoon, aan ons beleërde land en volk. ¹⁰ Want solank as wat Judas leef, is dit onmoontlik vir die regering om vrede te handhaaf.” ¹¹ Nadat hy hierdie dinge gesê het, het die res van die Vriende^c wat Judas en sy saak vyandiggesind was, dadelik vir Demetrius verder opgestook. ¹² Hy het onmiddellik vir Nikanor gekies, wat in beheer was van die olifante, en hom as bevelvoerder van Juda aangestel en weggestuur ¹³ met die opdrag om Judas om die lewe te bring, diegene saam met hom uitmekaar te jaag en Alkimus as hoëpriester van die grootste tempel aan te stel. ¹⁴ Die heidennasies in Juda wat vir Judas gevlug het, het in groot groepe by Nikanor aangesluit en gedink dat die mislukkings en rampe van die Judeërs vir hulleself voorspoed sou beteken.

¹⁵ *Toe die Judeërs hoor van Nikanor se aantog en die aanval van die heidennasies, het hulle stof op hulle koppe^d gestrooi en gebid tot Hom wat sy eie volk vir ewig gevestig het en altyd sy eie erfdeel deur sy verskyning te hulp kom. ¹⁶ Op bevel van hulle leier het hulle onmiddellik daarvandaan opgetrek en met die vyand by die dorp Dessau slaags geraak. ¹⁷ Simon, die broer van Judas, het in die geveg teen Nikanor te staan gekom, maar vanweë die skielike stilstand wat deur die vyand veroorsaak is, geleidelik die geveg begin verloor. ¹⁸ Nogtans het Nikanor gehuiwer om deur bloedvergieting 'n beslissing te bereik, omdat hy gehoor het van die dapperheid van Judas en sy manskappe, en hulle moed in gevegte vir die vaderland. ¹⁹ Daarom het hy vir Posidonius,

^c**14:11 Vriende:** “Vriend van die Koning” was 'n eretitel in die Hellenistiese wêreld wat met sekere regte en verpligtinge verbind was.

^{*}**14:15 — 15:19** 1 Mak 7:26-28

^d**14:15 stof ... koppe:** As teken van verootmoediging, het hulle stof op hulle koppe gestrooi.

Teodotus en Mattatias gestuur om die regterhand te bied^e en te aanvaar. ²⁰ Nadat die voorwaardes goed ondersoek is, die leier dit aan die mense meegedeel het en dit geblyk het dat daar eenstemmigheid was, het hulle tot die ooreenkomste ingestem. ²¹ Hulle het toe 'n dag bepaal waarop hulle eenkant bymekaar sou kom. Van elke kant het 'n strydwa vorentoe beweeg en elke groep het stoele gebring en dit in posisie geplaas. ²² Judas het gewapende manne op strategiese plekke op gereedheidsgrondslag opgestel om skielike bedrog van die kant van die vyand te verhoed, en hulle het die nodige samesprekings gevoer. ²³ Nikanor het in Jerusalem aangebly en niks onbehoorliks gedoen nie, maar die groepe mense wat bymekaargekom het, weggestuur. ²⁴ Hy het altyd vir Judas in sy teenwoordigheid gehou, en was baie geheg aan die man. ²⁵ Hy het hom aangespoor om te trou en kinders te verwek. Judas het toe getrou, tot rus gekom en 'n gewone lewe gelei. ²⁶ *Maar toe Alkimus hulle goedgesindheid teenoor mekaar sien, het hy die ooreenkomste wat gesluit is, geneem, na Demetrius gegaan en gesê dat Nikanor die regering vyandiggesind is, want hy het Judas, die samesweerder teen die koninkryk, as sy opvolger aangewys. ²⁷ Die koning het kwaad geword en, aangehits deur die valse beskuldigings van die skurk, 'n brief aan Nikanor geskryf waarin hy sê dat hy ontevrede is met die ooreenkomste en hom beveel om Makkabeus dadelik as gevangene na Antiogië te stuur. ²⁸ Toe Nikanor hiervan te hore kom, was hy verward en ontsteld omdat hy die ooreenkomste tot niet moes maak, want Judas het niks verkeers gedoen nie. ²⁹ Aangesien dit egter nie moontlik was om die koning teen te gaan nie, het hy gewag vir 'n goeie geleentheid om die bevel met

^e**14:19 regterhand te bied:** Letterlik 'die regterhand gee'. Die uitdrukking is 'n simboliese gebaar vir "in vrede kom". In antieke tye het mense mekaar die hand gegee om aan te toon dat hulle geen wapens dra nie.

***14:26-30** 1 Mak 7:29-30

strategiese lis tot uitvoering te bring.³⁰ Maar toe Makkabeus agterkom dat Nikanor onvriendeliker teenoor hom was, en dat sy ontmoetings met hom nie so hoflik soos gewoonlik was nie, het hy besef dat hierdie onvriendelikheid niks goeds voorspel nie. Hy het toe geen geringe aantal nie uit diegene wat saam met hom was, versamel en vir Nikanor weggekruip.³¹ Toe laasgenoemde agterkom dat hy op vernuftige wyse deur Judas uitoorlê is, het hy, terwyl die priesters die gebruikelike offers bring, na die grootste en heilige tempel gegaan en hulle beveel om die man uit te lewer.³² Toe hulle egter met 'n eed verklaar dat hulle nie weet waar die man is na wie hulle soek nie,³³ het hy sy regterhand na die tempel uitgestrek en die volgende gesweer: “As julle Judas nie as gevangene aan my uitlewer nie, sal ek hierdie heiligdom van God met die grond gelyk maak, en ek sal die brandofferaltaar afbreek en hier 'n indrukwekkende tempel vir Dionisus oprig.”³⁴ Nadat hy hierdie dinge gesê het, het hy weggegaan. Die priesters het hulle hande uitgestrek na die hemel en die ewige Verdediger van ons volk aangeroop met die woorde:³⁵ “U, o Here van almal, wat niks nodig het nie, het dit goed gevind dat daar 'n tempel is waarin U onder ons woon.³⁶ Bewaar dan nou, heilige Here van alles wat heilig is, hierdie huis wat onlangs geheilig is, onbesoedeld tot in ewigheid.”

Dood van Razis

³⁷ *Daar is aan Nikanor berig dat 'n sekere Razis,^f een van die oudstes^g in Jerusalem, 'n man was wat sy medeburgers liefhet en 'n baie goeie reputasie gehad het. Vanweë sy welwillendheid het hy die bynaam

*14:37-46 Vgl 2 Mak 6:18-31

^f14:37 *Razis*: Ander vertalings lui “Rages”.

^g14:37 *oudstes*: Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

“vader van die Judeërs^h” gekry, ³⁸ want hy is vroeër gedurende die tye van oproer beskuldig oor sy beoefening van die Judese godsdiens, en het met volle toewyding liggaam en siel vir die Judese godsdiens op die spel geplaas. ³⁹ Nikanor wou die vyandigheid wat hy teenoor die Judeërs gekoester het, duidelik wys, en het meer as vyfhonderd soldate gestuur om Razis te arresteer, ⁴⁰ want hy het gedink dat dit hulle skade sou berokken as hy hom arresteer. ⁴¹ Die menigtes was op die punt om die toring in te neem waar hy geskuil het en was besig om die deur van die binnehof oop te dwing. Hulle het beveel dat vuur gebring en die deure aan die brand gestee word. Omsingel van alle kante, het Razis homself met sy eie swaard deurboor. ⁴² Hy wou eerder op 'n edele wyse sterf as om in die hande van sondaars te val en op 'n wyse wat sy adellike afkoms nie waardig is nie, verneder te word. ⁴³ Maar omdat die stryd so vinnig verloop het, het hy homself nie behoorlik raakgestee nie, en terwyl die skares besig was om deur die deure na binne te gaan, het hy dapper teen die muur opgehardloop en homself op heldhaftige wyse na onder in die skares ingewerp. ⁴⁴ Hulle het vinnig padgegee, sodat daar 'n ruimte gekom het, en hy het in die middel van die oop ruimte geval. ⁴⁵ Hy het egter nog steeds asem gehaal. Deur woede aangevuur, het hy opgestaan en, alhoewel sy bloed soos 'n fontein uitgeborrel het en sy wonde ernstig was, het hy deur die skares gehardloop en op 'n steil rots gaan staan. ⁴⁶ Reeds heeltemal leeggebloe, het hy sy ingewande uitgeskeur, dit met albei hande gevat en na die skares geslinger, en die Heerser oor lewe en gees gesmeek om dit weer vir hom terug te gee. Op hierdie manier het Razis die lewe met die dood verwissel.

^h14:37 *Judeërs*: Vgl voetnoot in 2 Mak 14:5.

Dood van Nikanor

¹ Toe Nikanor berig ontvang dat Judas en diegene saam met hom in die gebied van Samaria was, het hy besluit om hulle op die rusdag aan te val wanneer dit veilig sou wees. ² Die Judeërs,ⁱ wat gedwing was om saam met hom te gaan, het gesê: “Moet hulle nie op so 'n wrede en barbaarse wyse om die lewe bring nie, maar betoon respek vir die dag wat deur Hom, wat alles sien, bo ander dae geëer en heilig verklaar is.” ³ Maar die driedubbele sondaar het gevra of daar in die hemel 'n heerser is wat beveel het dat die Sabbatdag gevier moet word. ⁴ Toe het hulle verklaar: “Dit is Hy, die lewende Here self, die Heerser in die hemel, wat beveel dat die sewende dag gevier word.” ⁵ Nikanor het egter geantwoord: “Maar ek sê, ek is die heerser op aarde wat julle beveel om julle wapens op te neem en uit te voer wat die koning wil hê.” Nogtans het hy nie daarin geslaag om sy wrede plan uit te voer nie.

⁶ Met groot verwaandheid en vertoon het Nikanor besluit om 'n openbare teken van oorwinning oor Judas en diegene saam met hom op te rig. ⁷ Maar Makkabeus het onophoudelik vertrou, met volle verwagting dat hy hulp van die Here sou kry, ⁸ en hy het diegene saam met hom aangemoedig om nie bang te wees vir die aanval van die heidennasies nie, maar om te dink aan die hulp wat vroeër vir hulle van die hemel af gekom het en om nou die oorwinning te verwag wat die Almagtige vir hulle sal gee. ⁹ Hy het hulle uit die Wet en die Profete^j

ⁱ**15:2 Judeërs:** Dui die inwoners van Juda aan wat in ballingskap weggevoer is. Ná die ballingskap is die term in etniese maar ook religieuse sin gebruik vir diegene wat teruggekeer het, sowel as diegene in die res van die Romeinse Ryk.

^j**15:9 Wet ... Profete:** Dit dien as aanduiding van sommige geskrifte van die Ou Testament wat deur die •Judeërs as gesaghebbend aanvaar is.

aangemoedig, en toe hy hulle ook herinner aan die gevegte wat hulle suksesvol ten einde gebring het, het hy hulle meer entoesiasies gemaak. ¹⁰ En nadat hy hulle woede laat opvlam het, het hy sy opdragte gegee en tegelykertyd gewys op die goddeloosheid van die heidennasies en hulle verbreking van ede. ¹¹ Hy het elkeen van hulle bewapen, nie alleen met die sekerheid wat skilde en spiese gee nie, maar met gepaste woorde van aanmoediging. Hy het ook vir hulle 'n geloofwaardige droom vertel, 'n soort visie, en almal opgebeur. ¹² Sy visioen was die volgende: Onias, die gewese hoëpriester, 'n goeie en adellike man, beskeie in die omgang, vriendelik van geaardheid, welsprekend, en iemand wat van jongs af alle aspekte van deugsaamheid bestudeer het, het sy hande uitgestrek en vir al die Judeërs gebid. ¹³ Toe het daar nog so 'n man verskyn, opvallend vanweë sy grys hare en waardigheid, gehul in 'n wonderlike, baie luisterryke vernaamheid. ¹⁴ Onias het gepraat en gesê: “Hierdie man wat sy broers liefhet en wat baie vir sy volk en die heilige stad bid, is Jeremia, die profeet van God.” ¹⁵ Jeremia het sy regterhand uitgestrek en aan Judas 'n goue swaard oorhandig, en terwyl hy dit gee, het hy die volgende gesê: ¹⁶ “Neem die heilige swaard as geskenk van God; hiermee sal jy die teenstanders neervervel.”

¹⁷ Aangemoedig deur Judas se baie edel en kragtige woorde om hulle aan te spoor tot dapperheid en om die harte van die jonges manhaftig te maak, het hulle besluit om nie kamp op te slaan nie, maar om moedig tot die aanval oor te gaan, en met alle waagmoed betrokke te raak om die saak te besleg, omdat die stad en die heilige voorwerpe en die tempel in gevaar was. ¹⁸ Want hulle vrees vir hulle vroue, kinders, broers en familie was vir hulle van minder belang; hulle grootste en eerste vrees was vir die heilige tempel. ¹⁹ Die ontsteltenis en bekommernis oor die aanval in die oop veld op diegene wat in die stad agtergelaat is, was ook nie van 'n

geringe aard nie. ²⁰ *Terwyl almal reeds gewag het vir die komende beslissing en die vyand reeds nader gekom het, met hulle leërmag opgestel vir oorlog, die wilde diere strategies geplaas en die perderuiters ontplooi op die flanke,^k ²¹ het Makkabeus, toe hy die teenwoordigheid van die menigtes, hulle verskeidenheid wapens en die bedreiging van die wilde diere sien, sy hande na die hemel uitgestrek en die Here wat wonders doen, aangeroop, omdat hy geweet het dat die oorwinning nie deur wapens beslis word nie, maar soos die Here ook al besluit — Hy bewerkstellig oorwinning vir dié wat dit verdien. ²² En hy het Hom op hierdie wyse aangeroop en gesê: “U, Here,^l het u engel gestuur toe Hiskia koning van Juda was, en hy het in die kamp van Sanherib* ongeveer honderd vyf-en-tagtigduisend manne doodgemaak. ²³ Heer van die hemel, stuur nou ook 'n goeie engel voor ons uit om vrees en bewing te veroorsaak. ²⁴ Mag, deur u kragtige arm,* dié wat u heilige volk belaster, verpletter word.” Met hierdie woorde het hy geëindig.

²⁵ *Diegene saam met Nikanor het met trompetgeskal en krygsliedere vorentoe beweeg. ²⁶ Diegene saam met Judas het onder aanroeping en gebede met die vyand slaags geraak. ²⁷ Terwyl hulle met hulle hande veg, maar met hulle harte tot God bid, het hulle nie minder nie as vyf-en-dertigduisend manne doodgemaak, en was hulle baie verheug oor hierdie verskyning van God. ²⁸ Ná afloop van die geveg, toe hulle vreugdevol begin vertrek, het hulle Nikanor herken waar hy met sy volle wapenrusting dood gelê het. ²⁹ Toe was daar 'n geskreeu en 'n

*15:20-37 1 Mak 7:39-50

^k15:20 *flanke*: Letterlik 'horings'. 'n Dier se horings is beskou as 'n simbool van krag.

^l15:22 *Here*: In Grieks *despotes*. 'n Ander naam vir die Here word hier gebruik.

*15:22 *Sanherib*: 2 Kon 18:13 — 19:35

*15:24 *kragtige arm*: Luk 1:51

*15:25-36 1 Mak 7:43-50

opskudding, en hulle het die Heerser geprys in die taal van hulle voorvaders.³⁰ En die man wat altyd met liggaam en siel die voorvegter was ter wille van sy medeburgers, wat van jongs af sy goeie gesindheid teenoor sy volksgenote volgehou het, het beveel dat hulle Nikanor se kop en sy arm tot by die skouer afkap en dit na Jerusalem neem.³¹ Toe Judas daar aankom, het hy sy volksgenote bymekaargeroep, die priesters voor die altaar laat staan en die mense vanuit die vesting laat haal.³² Hy het aan hulle die kop van die veragtelike Nikanor en die arm van die lasteraar, wat hy met gespog na die heilige huis van die Almagtige uitgestrek het, gewys,³³ en hy het die tong van die goddelose Nikanor uitgesny en gesê dat hy dit stuk vir stuk vir die voëls sou gee en die beloning vir sy dwaasheid oorkant die tempel sou ophang.³⁴ Almal het na die hemel gekyk en die Here geloof wat Hom geopenbaar het, en gesê: “Lofwaardig is Hy wat sy eie plek onbesoedeld bewaar het.”³⁵ * Judas het Nikanor se kop van die vesting laat afhang — vir almal 'n opsigtelike en duidelike teken van die hulp van die Here.³⁶ * Daarna het almal deur 'n algemene stemming besluit dat hierdie dag geensins onopgemerk verby moet gaan nie, en om dit op die dertiende van die twaalfde maand te vier, wat in Siries •Adar^m genoem word, een dag voor Mordegai se dag.*

Slotwoord

³⁷ Dit is dan hoe dit met Nikanor verloop het, en sedertdien is die stad in beheer van die Hebreërs.ⁿ Hier eindig ek nou my verhaal.³⁸ As dit goed

*15:35 1 Sam 31:9-10

*15:36 1 Mak 7:49

^m15:36 *dertiende ... Adar*: 27 Maart 160 vC; dit staan bekend as “Nikanordag”; vgl Est 9:17; 1 Mak 7:49.

*15:36 *Adar ... dag*: Est 9:19,31

ⁿ15:37 *Hebreërs*: Die begrippe Hebreërs, Israeliete en Israel word anachronisties in 1 en 2 Mak gebruik om die •Judeërs (inwoners van Juda) ná die ballingskap aan te dui.

en op die punt af saamgestel is, is dit wat ek wou hê, maar as dit swak en middelmatig is, is dit die beste wat ek kon doen.³⁹ Want, net soos dit skadelik is om slegs wyn of water te drink, terwyl wyn wat met water gemeng is, soet is en genot verskaf, so ook verbly die styl van die verhaal die ore van die lesers deur sy samestelling. Laat dit nou die einde wees.